

Kritiese besinnings oor die Israelse eiendomsaansprake op Palestina

Izak (Sakkie) J.J. Spangenberg en Christi van der Westhuizen

Izak (Sakkie) J.J. Spangenberg, Departement Bybelse en Antieke Studie, Universiteit van Suid-Afrika en Christi van der Westhuizen, Departement Sosiologie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die Israeli's herdenk vanjaar die 70ste bestaansjaar van die moderne staat Israel. Die Verenigde Nasies (VN) het in 1947 'n besluit aanvaar dat die Britse mandaatgebied in twee state verdeel sou word – een vir die Joodse en een vir die Arabiese bewoners (ook bekend as Palestyne). Die meerderheid VN-lidlande het die besluit aanvaar in weerwil daarvan dat die Arabiese state teen die verdeling gekant was. Die Sionistebeweging het in 1948 eensydig die staat Israel uitgeroep nadat Brittanje hom inderhaas aan die mandaatgebied onttrek het. Op dié wyse het hulle die implementering van die VN-besluit voorgespring. Sedertdien het daar verskeie oorloë en kleiner skermutselinge tussen die Israeli's en die Palestyne uitgebreek en het die Israeli's meer en meer gebiede wat regtens volgens die oorspronklike VN-besluit aan die Palestyne behoort, beset. Dit sluit onder andere die stad Jerusalem in. Die stad sou volgens die oorspronklike besluit nie aan een van die twee groepe toegewys word nie, maar 'n “neutrale” stad bly wat vir Christene, Jode en Moslems toeganklik sou wees.

Donald Trump het in November 2017 te kenne gegee dat die VSA van voorneme is om sy ambassade van Tel Aviv na Jerusalem te verskuif om sodoende uitvoering aan 'n vroeëre VSA-besluit te gee wat Jerusalem as hoofstad van Israel erken. Die meerderheid VN-lidlande het die besluit van Trump veroordeel, omdat dit die Palestynse aansprake op Oos-Jerusalem ignoreer. Hierdie besluit van Trump, die viering van die 70ste bestaanjaar van Israel, asook Christene en Jode se onkritiese argument dat die moderne staat Israel die Beloofde Land van die Ou Testament is, en dat die Palestyne gevolglik géén aansprake op die land of Jerusalem het nie, het tot die skryf van hierdie artikel aanleiding gegee.

Eerstens word die aansprake dat die moderne staat Israel niks minder as die Beloofde Land van die Ou Testament is nie, bespreek. Tweedens word die besettingsgeskiedenis van hierdie gebied geskets om só uitsluitel te kry oor die kwessie of slegs Jode op hierdie gebied aanspraak kan maak. Laastens word aangevoer dat die Sionistiese besetting van Palestina 'n nuwe, moderne verwickeling is wat nie deur dieselfde lens as vorige besettings en bevolkingsbewegings gesien kan word nie. In teenstelling met die Bybelse, godsdienstige en historiese regverdigings, word die oornam van die gebied, en die totstandkoming en

uitbreiding van die staat Israel moontlik gemaak deur die skepping van 'n nasionale identiteit met sterk koloniale kenmerke. Hierdie kenmerke sluit die rassifisering van die Palestyne in, asook die geweld wat daaruit voortvloei. Daarteenoor, in 'n historiese ironie, stel die koloniale dimensie van Sionisme Israeli's in staat om Europese witwees op te eis ter ommekeer van die rassifiserende stigmatisering van Jode.

Trefwoorde: antisemitisme; apartheid; Arabiere; Beloofde Land; besettingsgeskiedenis van Palestina; Britse mandaatgebied; Christene; Islam; Israel; Israeli's; Jerusalem; Jode; Juda; Judaïsme; Kanaän; kolonialisme; Moslems; Nazisme; Oriëntalisme; Ou Testament; Palestyne; postkolonialisme; Sionisme; witwees

Abstract

Critical reflections on Israel's claim to land in Palestine

In November 2017 US president Donald Trump announced that his country's embassy would move to Jerusalem to give effect to the US's conviction that Jerusalem should be the capital of Israel. This created a furor. Almost all the states belonging to the United Nations (UN) condemned the announcement. Although Israel laid claim to West Jerusalem during the 1967 war, the prevailing position in the international community has been that East Jerusalem would eventually become the capital of a Palestinian state upon its establishment.

Trump's announcement, in the year of the celebration of the 70th anniversary of the State of Israel, and amid uncritical arguments by Jews and Christians that Israel is the Promised Land of the Tenakh /Old Testament, with Palestinian Arabs therefore having no legitimate claim to the territory, prompted the writing of this article. The aim of the article, which is based partly on the observations of one of the authors during a fact-finding mission to the West Bank, is to critically assess Israeli claims to Palestine, and to contextualise these claims in light of colonial and imperial histories.

Israel came into existence in 1948 after the UN had accepted a resolution during the previous year that the British mandate over Palestine be divided into two sections – one for Jewish people and one for Arabs. Although Jews owned less than 7% of the country, and Arabs outnumbered Jews by two to one in 1947, the UN assigned the greater part of the mandate to Jews. However, it recommended that Jerusalem should be assigned to neither of the groups, but remain a “neutral city”. Apart from all Arab states, most other UN member states approved the partition plan. Arab states emphasised that the UN was trying to solve one problem (the threat to Jewish survival in the wake of the Holocaust) by creating another one (endangering Arab survival in Palestine in the face of a Jewish state).

Soon after Britain withdrew its personnel and forces from the mandate area in May 1948, and before the UN partition plan could be implemented, the Zionist movement in Palestine unilaterally established the State of Israel. Zionists also laid claim to more sections of the mandate than had been assigned to Israel in the original UN partition plan. War broke out between the newly declared State of Israel and its neighbours Egypt, Jordan, Syria, Lebanon and Iraq. The Zionist forces were well prepared and succeeded in fending off the attacks. However, at the time Zionists also attacked and demolished a large number of the Palestinian

villages. Some 700 000 indigenous Palestinians fled to neighbouring countries. Today Israelis refer to the 1948 war as the War of Liberation, while the Palestinian Arabs refer to it as the Catastrophe (*al-nakba*). Peace was eventually established, but none of the neighbouring states officially recognised Israel as a legitimate state. Subsequently, the original UN partition plan was shelved for many years, and Israel has been in constant conflict with its neighbouring states.

The US soon assumed the role of peace broker not only between Israel and its neighbours but also between the Israelis and the Palestinian Arabs. However, a long-lasting peaceful settlement has been elusive. Israelis are adamant that the land has belonged to them since the days of Abraham. Palestinian Arabs argue that their forebears have lived in that region for centuries, that they are also descendants of Abraham and that the “land promise” therefore applies to them too.

The authors did a historical-critical reading of the so-called land promises in the Pentateuch and critically studied the history of the occupation of this region since 1200 BCE. The following became evident: (1) The biblical text does not give a clear indication of where the borders of the so-called Promised Land would run. Moreover, the land was promised to Abraham’s descendants, who evidently cannot be only Jews. Abraham had two sons, Isaac and Ishmael, and Isaac had two sons, Esau and Jacob. All their descendants can claim to be heirs to the promise. Furthermore, the stories in the Pentateuch are human creations, written with specific interests and ideological perspectives. (2) The history of the occupation of this part of the globe evidences that the Israelites, Jews and Israelis occupied this region for almost 500 years: 930–587/6 BCE, 142–63 BCE, and 1948–2018. Notably, in comparison, Muslim groups occupied the region for more than 1 400 years. This leads to the conclusion that Israel’s purported right to the territory cannot be legitimised through claims of occupancy.

The promise of a national territory for “the Jews” never involved the same geographical boundaries. Similarly, settlements in the area consisted of different competing groups over time, rather than a seamless presence of “the Jews”. Arab people have been in control of the region for a notably longer period than Jewish people. Indeed, despite the efforts to substantiate the Israeli claim with reference to biblical, religious and historical justifications, the analysis reveals that the Israeli occupation is a new and modern phenomenon that cannot be read through the same lens as previous settlements and movements of people in that region.

Misrepresentations about borders and the occupants of land are not accidental. The purpose is the legitimisation of identities that are contingent products of contemporary conditions. Zionist representation of Jewish occupation of the Palestinian territory as stretching back to biblical times creates a national identity that originates in the mists of an ancient history. In reality, this ancient history is fabricated and the identity – “the Israeli” – is completely new, having been produced through the recent occupation of Palestine. However, the occupation is not purely of a nationalist variety. Rather than looking for ancient origins, it should be read in its historical context of two millennia of anti-Semitism and five centuries of colonialism that culminated in the 20th-century abomination of the Holocaust. The European phenomena of anti-Semitism and colonialism have contributed to the formation of a national identity as a basis for the State of Israel.

Disconcertingly, given the history of Jewish persecution, a number of colonial elements can be discerned in this formation. Firstly, the erasure of the millennia-long reality of Palestine as a territory where people with different religious and ethnic backgrounds – including Muslims, Christians and Jews – have lived. The Bible is used to create the myth that the territory is the God-given promised home of the Jews, baptised “Israel” to confirm this claim. This myth, as reflected in a present-day adage about Israel as “a land without people for people without land”, draws on the colonial invention of an empty land that the Zionists purportedly found upon their arrival. This invention has also been used elsewhere, for example in South Africa and Australia, to justify settler invasion.


Secondly, Israel depends on colonial and Orientalist stereotyping to validate the expulsion and devastation of Palestinian people. In a hierarchical dichotomy typical of these discourses, Palestinians are presented as innately inferior, with the attendant co-production of Israelis as superior. It is a historical irony that, after millennia of European racist persecution of Jewish people, Zionism draws on a mode of colonial “whiteness” to elevate Israeli Jews at the expense of Arabs. Thus, the unfolding destruction of Palestinians becomes normalised as something of their own making as “lesser human beings” who do not qualify for land or citizenship, and against whom violence is acceptable. The biblical narrative obscures the violence and privation that Israeli methods of conquest, oppression and eradication have unleashed against Palestinians. The insistence on a biblical justification is again aimed at presenting Israeli violence as God-given and natural. It purports that Israel carries the blessing of the Jewish-Christian God. Hence the Palestinians’ struggle to survive – even their mere presence – is delegitimised.

Therefore the Israeli occupation amounts to colonialism similar to those forms that European states had been perpetrating from the 16th century onwards. In Israeli colonialism the seizure of land is a central element. It is a reciprocal process: as more land is seized, with concomitant political, military, economic, social and ideological processes, the identity is affirmed. The converse is also true, as the territorial claims and expansions are made possible through the ongoing reiteration of this new modern national identity. Zionism cultivates a nationalist ethnic identity, based on religious and historical inventions, that stands in the service of a colonial project that creates and maintains “Israel”. A balancing trick is achieved between the apparently contradictory positions of Jewishness as European identity and Jewishness as Semitic identity. The latter is necessary to claim territory in the Middle East for an ethnic-religious state. The former speaks to the colonial character of this state, with Israel fitting into a global neo-imperial schema driven by the USA with the support of the EU. In an unlikely pact, the persecution of Jewish people over millennia, culminating in the Holocaust, is ameliorated with the West’s embrace of Israel. The dehumanisation of Jews is redirected to Muslims and Arabs. Jewish identity is granted parity with European whiteness, in return for Israel’s serving as a proxy to advance Western white geopolitical control over the Middle East.

Keywords: anti-Semitism; apartheid; Arabs; British mandate; Canaan; Christians; colonialism; history of occupation; Islam; Israel; Israelis; Jerusalem; Jews; Judaism; Muslims; Nazism; Old Testament; Orientalism; Palestinians; post-colonialism; Promised Land; Zionism; whiteness

1. Inleiding

Die Israeli's vier in Meimaand vanjaar die 70ste herdenking van die totstandkoming van die staat Israel. Brittanje het vroeg in 1947 aangekondig dat hy sy mandaat oor Palestina aan die Verenigde Nasies (VN – destyds nog die Verenigde Volke-Organisasie of VVO) gaan oorhandig (Caplan 2010:107–8). Brittanje het hierdie mandaat tydens die vredeskonferensie na afloop van die Eerste Wêreldoorlog (1914–8) bekom en die mandaatgebied vir byna drie dekades bestuur (1920–48).¹ Die Algemene Vergadering van die VN het spoedig 'n komitee aangestel om aanbevelings te doen oor hoe daar met die aansprake van die Joodse en Arabiese inwoners van die land gehandel moet word. Die VN-komitee het 'n verdeling van Palestina voorgestel en die voorstel is in November 1947 deur die Algemene Vergadering goedgekeur en bekragtig (VN-besluit 181). Die Arabiese lande het die voorstel van die hand gewys. Hulle het ander ideale vir die land gekoester en ook daarop gewys dat die toewysing van die twee dele buite verhouding tot die bevolkingsamestelling was (Dowty 2012:89–91). Die Arabiese inwoners was op daardie stadium die meerderheid en die Jode die minderheid. Tog is die groter gedeelte van Palestina aan die Jode toegewys en die kleiner gedeelte aan die Arabiese Palestyne. In White (2009:120) se woorde: “When the UN proposed partition, Jews owned less than 7 per cent of the land, made up a third of the population – yet over half of the land of Palestine was assigned to the Jewish state.”



VN-PARTISIEPLAN 1947

Figuur 1. VN-plan vir verdeling 1947²

Brittanje het hom vóór die bekragtiging van die VN-komitee se voorstel aan die land onttrek. Dit het in Mei 1948 plaasgevind en David Ben-Gurion, die leier van die Joodse gemeenskap in Palestina, het die gaping gevat en 'n Joodse staat Israel geproklameer. Hierdie optrede het die omringende Arabiese state dwars in die krop gestee en gevolglik breek oorlog uit tussen Egipte, Jordanië, Sirië, Libanon en Irak aan die een kant en die pas verklaarde staat Israel aan die ander kant (Caplan 2010:111–9). Sedert daardie jaar was daar verskeie groter en kleiner oorloë en bly vrede in Palestina 'n ontwykende ideaal. So ook die moontlikheid om die land in twee te verdeel – 'n deel vir die Joodse inwoners en 'n deel vir die Arabiese inwoners.

Die vooruitsig dat die mandaatgebied verdeel sal word, lyk al meer onbereikbaar te wees – veral omdat die opeenvolgende Israeli-regerings meer en meer gebiede wat oorspronklik aan die Arabiese inwoners toegesê was, beset.³ Tans beset heelwat Joodse setlaars die Wesower, wat na regte Palestynse gebied is, en lyk die Palestynse landkaart soos die destydse Tswana-tuisland bekend as Bophuthatswana. Dit is geen wonder dat daar na Israel as 'n apartheidsstaat verwys word nie, maar die ooreenkoms tussen Israel en die Suid-Afrikaanse apartheidsstaat behels véél meer as die lappieslande wat tussen ander gebiede geleë is.⁴

'n Afdeling van die oorspronklike VN-komitee-voorstelle het oor Jerusalem gehandel. Dié voorstel het gelui dat Jerusalem nie aan een van die twee groepe toegesê sou word nie, maar dat dit 'n neutrale stad sou bly sodat Jode, Christene en Moslems vrye toegang tot die stad kon behou (Geering 2001:46; Caplan 2010:108–9). Die Israeli-regering het egter tydens die 1967-oorlog ook Oos-Jerusalem ingeneem en dit deel van hul hoofstad gemaak. Hoewel verskeie lande Israel as staat erken, het weinig die uitroep van Jerusalem as die hoofstad van Israel gekondoneer (Bunton 2013:60). Die aanvaarde standpunt was en is dat Jerusalem in twee verdeel moet word omdat die oostelike deel daarvan deur Palestyne bewoon word en twee moskees op die Tempelberg staan. Die Palestyne se aansprake op Jerusalem is net so geregverdig soos dié van die Israeli's – indien nie meer nie. “For Islam, Jerusalem is still the third most holy spot in the world, next to Mecca and Medina” (Geering 2001:26).

Donald Trump se aankondiging einde 2017 dat die VSA voornemens is om sy ambassade Jerusalem toe te verskuif om sodoende uitvoering aan 'n vroeëre VSA-besluit te gee dat Jerusalem wel die hoofstad van Israel is,⁵ het die Palestyne (en ander Arabiese burgers) die harnas ingejaag. Die besluit is wêreldwyd gekritiseer. Die meeste VN-lidlande het tydens 'n sitting van die Algemene Vergadering teen die besluit van die VSA gestem.

Die viering van die 70ste bestaansjaar van die staat Israel, die optrede van die VSA by monde van Trump, en die kritieklose ondersteuning van Israel deur Christene het tot hierdie artikel aanleiding gegee. Die besetting van daardie land en die optrede van die Israeli-regerings raak alle mense dwarsoor die wêreld. Die skrywer en aktivis Jeff Halper vat dit goed in die volgende woorde saam:

The Occupation challenges us all – governments, faith-based communities, trade unions, human rights organisations, activist groups and concerned individuals alike. The Israeli-Palestinian conflict is far more than a localised war between two peoples in a remote land. It is nothing less than conflict with fundamental significance for the global community. [...] Israel's occupation represents a profound challenge to a global system based on international law and universal human rights. What does it mean to people the world over if a regime of control, displacement, a denial of fundamental

rights and repression actually prevails, in defiance of international law and more than hundred United Nations resolutions? (Crawford-Browne 2012:212–3)⁶

Die vraag wat die navorsing onderlê, is of die Sioniste hul alleenaanspraak op die land uit die Tenakh / Ou Testament en die geskiedenis kan geregverdig. Voorts of hul besetting van die oorspronklike mandaatgebied nie maar net 'n verkapte vorm van Westerse kolonialisme is nie. Alleen 'n deeglike lees van die Ou Testament, 'n billike bestudering van die geskiedenis van die landstreek en 'n intensiewe studie van Westerse kolonialisme kan antwoorde op hierdie vrae bied.

Die artikel begin daarom met 'n kritiese bespreking van Jode en Christene se beroep op die Tenakh/ Ou Testament om Israel se polities-geografiese aansprake op Palestina te regverdig. Hierna volg 'n oorsig van die besettingsgeskiedenis van hierdie landstreek. Laastens word die aard van die besetting van die gebied sedert 1948 krities aan die hand van die vraagstuk of Israel 'n nasionalistiese of koloniale verskynsel is, beoordeel. Die navorsing het ten doel om uit te wys dat die aansprake van die Palestyne nie eenvoudig van die tafel gevee kan word nie.

2. Die beroep op die Bybel om gebiedsaansprake te legitimeer

Verskeie navorsers (Knauf 2000, Geering 2001) wys daarop dat die Tenakh/ Ou Testament allermins 'n eenvormige prentjie van die grense van die Beloofde Land skets. Daar is eerstens verwysings na die Kanaäniete en hul land; tweedens is daar sprake van *Groter Israel* wat van die Eufraatrivier tot by Egipte strek; derdens is daar tekste wat die stede Dan en Berseba as die grense van die land voorhou (*Middelmaat-Israel*); en laastens is daar sprake van die Persiese provinsie Jehoed wat as *Kleiner Israel* beskryf kan word.

2.1 Die land Kanaän

Daar word soms na Kanaän as die Beloofde Land verwys, maar wat die grense van hierdie land is, word nêrens in die Tenakh/ Ou Testament duidelik uitgespel nie. Aanwysings bly vaag. Neem as voorbeeld die volgende belofte aan Abram:

Nadat hulle in Kanaän aangekom het, het Abram deur die land getrek tot by Sigem se aanbiddingsplek by die groot waarsêersboom. In daardie tyd het die Kanaäniete die land bewoon. Toe het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land.” (Gen. 12:5b–7)

In Genesis 17:8 word dit soos volg uitgespel: “Ek gee aan jou en jou nageslag die land waar jy as vreemdeling woon, die hele Kanaän, as 'n blywende besitting, en Ek sal hulle God wees.” Soos reeds gesê, word die grense van Kanaän nêrens in die Tenakh / Ou Testament duidelik omskryf nie. Hierdie tekste help dus nie om die grense van die Beloofde Land te bepaal nie.

Noll (2013:10) omskryf die land Kanaän as die landbrug wat Egipte, Anatolië (Turkye) en Mesopotamië (Irak en Iran) verbind: “To the northeast lay Mesopotamia, to the north Analolia, and to the southwest Egypt.” Grabbe (2007:50) omskryf dit soos volg: “In the

biblical text the ‘land of Canaan’ is the common way of referring to the area on the western side of the Jordan; similarly, the ‘Canaanites’ are the inhabitants of this region.” Hiervolgens wil dit voorkom of die Middellandse See die westelike en die Jordaanrivier die oostelike grens van die land Kanaän was, maar waar die noordelike en suidelike grense geleë was, is onduidelik.

2.2 Groter Israel

Daar is ander gedeeltes in die Tenakh/ Ou Testament waar die grense van die Beloofde Land beter beskryf word. In hierdie gevalle lyk dit of die grense wyer as die land Kanaän strek en daarom verwys Ou Testamentici hierna as “groter Israel”. Hier volg enkele voorbeelde:

Op hierdie dag het die HERE ’n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier ...” (Gen. 15:18; vgl. ook Eks. 23:31)

’n Meer gedetailleerde beskrywing hiervan is in Numeri te vind:

Julle suidgrens is die grens van die Suidland [Negev]... Julle wesgrens is die Groot See [Middellandse See] ... Julle noordgrens moet loop van die Groot See af tot Horberg in die noorde ... tot by Lebo-Hamat. Daarvandaan loop die grens na Sedad toe en verder tot by Sifron en Gasar-Enan. Vir julle oosgrens moet julle ’n lyn trek van Gasar-Enan af tot by Sefam ... tot by Ribla daarvandaan teen die oostelike oewer van die Gennesaretmeer [See van Galilea] en dan met die Jordaan langs tot by die Soutsee [Dooie See]. (Num. 34:2–12)

Waar al die plekke waarna verwys word, geleë is (of was), kan niemand vandag met sekerheid sê nie. Uit historiese bronne weet navorsers dat die Israëliete nooit hierdie totale gebied beset het nie. Dis ’n idealistiese beskrywing van die omvang van die sogenaamde Beloofde Land.

Die profeet Jesaja het ’n keer ook van so ’n omvangryke gebied gedroom. Jahweh se drieling (Assirië, Egipte en Israel) sou in vrede met mekaar daar saamwoon:

Daardie dag sal daar ’n grootpad van Egipte af tot by Assirië loop. Die Assiriërs sal Egipte besoek, en die Egiptenaars Assirië, en hulle sal saam die HERE dien. Daardie dag sal Israel die derde wees, en saam met Egipte en Assirië sal hulle die aarde tot seën wees. Die HERE die Almagtige sal hulle seën en sê: “Geseënd is my volk Egipte, en geseënd is Assirië wat deur My geskep is, en geseënd is Israel, my eiendom.” (Jes. 19:23–5)

Dat hierdie “grootpad” tussen Egipte, Israel en Assirië (Irak) ooit gebou sal word, en dat die Israëliërs bereid sal wees om die Egiptenare en Assiriërs (Irakiërs) as broers en susters te erken, is hoogs onwaarskynlik. Jesaja se profesie is duidelik sý droom van ’n beter toekoms en allermins ’n onvervulde profesie wat in die toekoms bewaarheid sal word.

2.3 Van Dan tot by Berseba (Middelmaat-Israel)

'n Derde groep tekste baken die gebied waar die Israeliete gewoon het af as die gebied wat van Dan in die noorde tot by Berseba in die suide strek. Dit is dus 'n gebied kleiner as Groter Israel, maar terselfdertyd groter as Kleiner Israel wat hier onder bespreek word. Neem as voorbeeld die volgende twee tekste:

Toe het al die Israeliete, dié van Dan tot dié van Berseba en dié uit die Gilleadstreek, soos een man as gemeente in Mispa bymekaargekom in die teenwoordigheid van die HERE. (Rigt. 20:1)

... en solank Salomo geleef het, het die Judeërs en die Israeliete van Dan af tot by Berseba veilig gewoon, elkeen met sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom om onder te sit. (1 Kon. 4:25)

Volgens Knauf (2000:152) dui die frase “van Dan tot by Berseba” die grense van die gebied aan waaroor die Omriede regeer het.

Die Omriede was 'n vername dinastie van die Noordryk (Israel) en dit sluit die konings Omri, Agab en Ahasia in (2 Kon. 16–22). Hulle het van ongeveer 876 tot 849 v.C. regeer. Die Mesa-stele ('n Moabitiese bron) meld dat Omri vir 'n periode oor die Moabiete geheers het, en die Salmaneser III-inskripsie ('n Assiriese bron) meld dat Agab 'n groot leërmag in die veld gestoot het om die Assiriese opmars in Siro-Palestina te stuit (Moore en Kelle 2011:315–6).

Die Omriede het op 'n tyd stip 'n ooreenkoms met die Suidryk (Juda) aangegaan. Wat gebeur het, is dat Juda 'n vasal van Israel geword het. Só het die gebied waaroor die Omriede geheers het, van Dan in die noorde tot by Berseba in die suide gestrek. Maar dit kan nie as die grense van die land soos aan Abram beloof, voorgehou word nie. Dit dui hoogstens die Omriede-dinastie se invloedssfeer aan.

2.4 Kleiner Israel

'n Laaste teks dui nog eens aan dat die grense van die Beloofde Land in verskillende tye verskillend verstaan is. So lees 'n mens die volgende in Genesis:

Nadat Lot van Abram af weg is, het die HERE vir Abram gesê: “Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. Die hele land wat jy sien, gee ek vir altyd aan jou en jou nageslag.” (Gen. 13:14–5)

Enigeen wat kennis dra van hoe ver die horison van 'n mens af geleë is, sal weet dat die land wat hier aan Abram toegeken word, nie baie groot kon gewees het nie. 'n Mens se horison strek maar 13 km in alle rigtings. Abram staan op hierdie oomblik tussen Bet-el en Ai. Wanneer 'n mens dit op 'n kaart plot, is hierdie gebied niks groter (en dalk niks anders) as die Persiese provinsie Jehoad nie (Knauf 2000:154).

2.5 Wie kan op die “Beloofde Land” aanspraak maak?

Neem ’n mens bostaande uiteensettings in ag, is dit duidelik dat dit onmoontlik is om op grond van Bybeltekste die grense van die Beloofde Land te trek. Afgesien van die probleem van die landsgrense moet ’n mens ook in aanmerking neem dat Abraham twee seuns gehad het: Ismael en Isak.⁷ Dit geld ook van Isak: hy het twee seuns, Esau en Jakob, gehad. Abraham se nageslag sluit dus nie net die nakomelinge van Isak en Jakob in nie, maar ook die nakomelinge van Ismael en Esau! Hulle deel almal in die belofte – en dit beteken dat ook hulle nakomelinge op die Beloofde Land aanspraak kan maak. Wie hulle vandag op die Tenakh/ Ou Testament beroep, kan nie bloot aanneem dat die land aan die Israeli’s behoort nie.

Die volgende nasionalistiese uitspraak deur ’n Joodse burger van Israel weerspieël die eensydige en oorvereenvoudigde standpunt wat heelwat Jode tans oor Israel inneem:

We’re supposed to hand over our heartland? This is my country, where my roots are, where my history is, where my destiny is, where the Jewish people were born, exiled from and returned to. The community will never be destroyed. There will never be a deal with the Palestinians. (Vgl. Sherwood 2012:24)

Jode en Christene aanvaar byna deur die bank dat die moderne staat Israel aan die Jode beloof is, en omdat die staat in die moderne tyd tot stand gekom het, kan daar nie van Israeli’s verwag word om dit eenvoudig prys te gee nie (Saperstein 1989:55).

2.6 Israel se godsdiens en Jahweh se woorde

Daar is egter ’n verdere probleem wanneer ’n mens met die Tenakh / Ou Testament omgaan en ’n argument wil bou dat die land aan die Jode, alternatiewelik Israeli’s, beloof is. Hierdie probleem hang saam met die godsdiens van Israel en wanneer sekere boeke en dele van boeke geskryf is.

Navorsers wys daarop dat Israel se godsdiens nie van die begin af monoteïsties was soos wat vroeër gemeen is nie. Dit het vanuit ’n politeïsme tot ’n monoteïsme ontwikkel (Smith 2004). Die verskuiwing na ’n monoteïsme het grootliks gedurende die Babiloniese ballingskap (586–539 v.C.) en die Tweede Tempeltydperk (515 v.C.–70 n.C.) plaasgevind. Die godsdiens van Israel vertoon dus twee duidelike periodes: (1) die periode vóór 586 v.C., en (2) die periode ná 586 v.C. Die godsdiens voor 586 v.C. word Jahwisme genoem en die godsdiens ná 586 v.C. vroeë Judaïsme. Dis eers met die ontstaan en groei van vroeë Judaïsme dat die godsdiens van Israel monoteïsties geword het en die belofte van ’n land en ’n groot nageslag geformuleer is (Van Seters 1999:10–29, 64–7, 160–89).

2.7 Gevolgtrekking

Op grond van die voorgaande uiteensetting is die volgende gevolgtrekking geregverdig. Die land soos dit sedert 1948 deur die Israeli’s beset word, kan nie aan die Beloofde Land van die Tenakh / Ou Testament gelykgestel word nie. Voorts is dit so dat hierdie godsdienstige geskryfte nie uit een mond praat wanneer die grense van hierdie land ter sprake kom nie. ’n Verdere belangrike kwessie is dat die Israelitiese skrywers namens húl god gespreek het en dat hierdie uitsprake húl regeerders en volksgenote se belange propageer. Hjelm (2013:27)

stel dit kort en kragtig: “God did not create peoples or maps; authors did.” Hierdie uitsprake kan allermins voorgehou word as objektiewe en altydgeldende uitsprake van die god Jahweh waarvoor alle mense moet buig. ’n Laaste kwessie is dat die Bybelse landbelofte ook ten opsigte van Ismael en Esau en hul nakomelinge geld – nie net vir die nageslag van Isak en Jakob nie. Diegene wat die Tenakh / Ou Testament letterlik lees en dit op die moderne staat Israel van toepassing maak, sal hierby nie verby kan kom nie – veral nie as ’n mens in aanmerking neem dat die Moslems hul verbintenis met Abraham via die seun Ismael bely nie.

3. ’n Kort oorsig van die besettingsgeskiedenis van die gebied

Hoe staan sake wanneer ’n mens na die besettingsgeskiedenis van hierdie landstreek kyk? Kan die Israeli’s se aansprake op hierdie deel van die aarde deur die besettingsgeskiedenis geregverdig word? Het die Jode hierdie landstreek sedert die tyd van Abraham ononderbroke beset?

In die volgende onderafdelings word die besettingsgeskiedenis van hierdie landstreek sedert 1200 v.C. tot 1948 geskets. Die rede waarom 1200 v.C. as vertrekpunt geneem word, is dat navorsers daarop wys dat die oudste buitebybelse bron wat na “Israel” verwys, uit dié tyd kom. Hierdie verwysing kom in die Egiptiese inskripsies op die Merneptah-stele voor.⁸ Presies waar hierdie Israel-mense gewoon het, word egter nie uitgespel nie. Navorsers kan hoogstens op grond van die ander name wat vermeld word, sê dat hulle in Palestina gewoon het en dat farao Merneptah (1213–1203 v.C.) daarop roem dat hy “Israel” ’n nekslag toegedien het (Dever 2003:201–8; Grabbe 2007:77–80; Noll 2013:137–42).

Meeste navorsers is dit tans eens dat niemand meer die uittog- en die veroweringsverhaal kan gebruik en dan argumenteer dat die Israel wat in die Merneptah-inskripsie vermeld word, die 12 stamme van die Bybelse Israel was nie. Eerstens berus die aartsvaderverhale (Gen. 12–50) nie op historiese feite nie. Daar was nie drie aartsvaders (Abraham, Isak en Jakob) nie. Die verhale oor hierdie drie karakters is verhale wat in later jare geskep is om losstaande groepe van ’n oorsprongsverhaal te voorsien en hulle met mekaar te verbind (Van Seters 1975). Hierdie verhale is later uitgebrei met ’n vertelling van onderdrukking in Egipte en ’n wonderbaarlike verlossing van die heerskappy van die Farao van Egipte (Eks. 1–15).⁹ Die verlossingsverhaal is met ’n veroweringsverhaal aangevul.¹⁰ Hiervolgens het die 12 stamme van Israel die land Palestina met die hulp van Jahweh ingeneem en dit hul eie gemaak (Jos. 1–12). Die aartsvaderverhale, die uittogverhaal en die veroweringsverhaal is kreatiewe skeppings van latere skrywers en berus allermins op suiwer historiese feite (Finkelstein 2007a:40–55; Mazar 2007:65). Wat wel interessant is, is dat hierdie verhale Egipte en die Farao betrek. Dit mag iets weerspieël van Palestynse groepe wat onthou dat Egipte vir etlike jare ’n oorheersende rol in Kanaän gespeel het.


3.1 Die Egiptiese besetting (1200–1000 v.C.)

Om farao Merneptah (1213–1203 v.C.) se militêre veldtog in die laat 13de eeu in Palestina te verstaan, moet ’n mens van ontwikkelinge in die ou Nabye Ooste gedurende die vorige twee eeue kennis neem. Twee redelik magtige koninkryke het in die noordelike en noordoostelike deel van die ou Nabye Ooste ontstaan en ’n bedreiging vir die belange van Egipte ingehou.

Dit was die koninkryke van die Hetiëte (bekend as Hatti) en die koninkryk van die Hurriëte (bekend as Mitanni).

Die Egiptenare het Kanaän en Sirië as deel van hul invloedssfeer en handelsgebied beskou, maar hulle het tydens die Tweede Tussentydperk in die geskiedenis van Egipte (1650–1550 v.C.) hul greep op die gebiede verloor.¹¹ Farao Tutmoses III (1479–1425 v.C.) het egter met sy militêre ingryping in Kanaän ’n kentering meegebring. Na Tutmoses se oordeel het Mitanni in Egipte se slaai begin krap deur in ’n suidwestelike rigting uit te brei. Gevolglik ruk hy met sy magte vanaf Gasa op en verower verskeie stede – onder andere Geser, Bet-San, Megiddo, Akko, Damaskus en Aleppo. Die veldslag by Megiddo (1479 v.C.) word as ’n keerpunt in die wêreldgeskiedenis beskou – “confirming Egypt as the dominant power in Africa and the Near East” (Cline en Graham 2011:24).

Die beheer wat Egipte verkry het, verslap tydens die regering van Amenhotep IV (1352–1336 v.C.).¹² Dit was eers met die regering van farao Setos I (1294–1279 v.C.) dat Egipte sy beheer oor Palestina weer stewig kon vestig (Olivier 1983:19).



Kaart van die ou Nabye Ooste, plus-minus 1500 vC

Figuur 2. Kaart van die ou Nabye Ooste

Gedurende hierdie jare tree die Hetiëte op hulle beurt sterk op die voorgrond (Van de Mierop 2007:156–63). Hulle brei nie alleen verder ooswaarts uit nie, maar ook suidwaarts in die rigting van Kanaän. Weer eens voel die Egiptenare hul gedwonge om in te gryp. Raämses II (1279–1213 v.C.) se magte ruk noordwaarts op en ontmoet die magte van Muwattali II (die koning van die Hetiëte) by Kades aan die Orontesrivier (1274 v.C.). Sowel die Hetiëte as die Egiptenare roem in hul inskripsies daarop dat hulle die veldslag gewen het. Sommige navorsers meen egter dat die Hetiëte die oorhand oor die Egiptenare gehad het (Cline en

Graham 2011:25). Hoe dit ook al sy, die twee konings sluit kort hierna 'n vredesverdrag waarin die grense van hul onderskeie invloedsfere uitgestippel word. So behou Egipte sy greep op Palestina. Van die Palestynse stadstate was nie geneë met die Egiptiese oorheersing nie en daarom loods Merneptah, Ramses II se opvolger, 'n veldtog in die geweste om Egipte se gesag af te dwing. Hierdie veldtog het moontlik ook ten doel gehad om die Seevolke (kyk hier onder) se opmars na Egipte te stuit. Enkele reëls van die Merneptah-inskripsie lees soos volg:

Kanaän is geplunder met elke soort gruwel, Askelon is weggevoer en Geser is vasgevat, Janoam is tot niet gemaak, Israel lê braak en het geen saad (nageslag) nie. Hur het 'n weduwee geword vir Egipte. (Olivier 1983:21)

Hieruit lei navorsers af dat Israel teen 1200 v.C. wel in Kanaän was, maar dat die groep allermens korter mette gemaak het met van die Kanaänitiese stadstate soos die boek Josua te kenne gee.

Gedurende hierdie tyd tree daar 'n groep mense op die voorgrond wat die magsbalans in die westelike deel van die ou Nabye Ooste omkrap. In Egiptiese inskripsies staan hulle as die Seevolke bekend. Hierdie mense het waarskynlik vanuit die omgewing van Griekeland gekom en nie net oor land via Anatolië die ou Nabye Ooste binnegeval nie, maar ook met bote oor die Middellandse See gekom. Hulle het uit verskillende groepe bestaan met name soos Peleset, Tjekker, Danuna, Tursa en Sjerden. Hulle het ook Egipte probeer binneval. Egiptiese inskripsies meld hoedat die leërs en vloot van Raämses III (1184–1153 v.C.) hulle verslaan en verdryf het (Finkelstein en Silberman 2001:83–90). Van hierdie Seevolke, soos die Peleset, het hulle uiteindelik in Kanaän gevestig. Hulle word met die Filistyne verbind wat die suidwestelike deel van Kanaän verower en die vyf stede – Asdod, Askelon, Ekron, Gasa en Gat – daar gevestig het (Barako 2013).

Terwyl al hierdie woelinge in die noordelike, westelike en suidwestelike deel van die Nabye Ooste plaasgevind het, was die Assiriërs wat oos van die Tigrisrivier gewoon het, besig om hul mag te konsolideer en die omringende gebiede in te palm. In die woorde van Brewer en Teeter (2001:48): “The ‘Peoples of the Sea’ ultimately changed the entire balance of power in the Near East, sweeping away the Hittites and setting the stage for Assyria to step into the void as the new dominant power in the Near East.”

3.2 Die Assiriese besetting (900–586 v.C.)

Na die Egiptiese oorheersing en voordat die Assiriërs in Palestina op die toneel verskyn het, was daar vir byna 200 jaar 'n soort windstilte in Palestina. Daar het egter wel groot veranderinge plaasgevind. Die Filistyne het hulle in die suidwestelike deel tuisgemaak en 'n groep mense wat uiteindelik as Israel bekend sou staan, het hulle op die suidelike berglandskap rondom Hebron asook in die noordelike deel rondom Sigem gevestig.¹³ Daar was ook mense bekend as Ammoniete, Moabiete en Edomiete wat hulle in die Transjordanse gebied gevestig en elkeen 'n eie identiteit ontwikkel het. Kort voor lank het hulle klein koninkrykies tot stand gebring wat teen mekaar meegeding het om die hulpbronne in die omgewing en die handelsroetes. Voorts was daar in die noorde die Arameërs en die Fenisiese stede Tirus, Sidon en Biblos.

Tans meen navorsers dat die Israëliete nie 'n totaal vreemde groep was wat van buite Palestina gekom het nie. Van die mense wat hulle in die berglandskap gevestig het, was van Kanaänitiese oorsprong (Dever 2003:153). Daar is tot dusver nie 'n breuklyn in die pottebakkersware gevind wat daarop dui dat twee duidelik onderskeibare kulture (Kanaänities teenoor Israelities) bestaan het nie.

Die leiers van die Israëliete het daarin geslaag om die kleinboere (asook ander mense wat hulle hier kom vestig het) in hierdie gebied in twee klein koninkrykies, bekend as Israel en Juda, in te bind. Israel (die Noordryk) het 'n meer diverse bevolking gehad en was ook meer welvarend en vooruitstrewend as die Juda (die Suidryk).¹⁴ Die Jisreël- en Jordaanvalleie was vrugbare valleie en landbou het hier floreer. Dit het groot voordele vir die Noordryk-mense ingehou, terwyl die Suidryk-mense allerlei planne moes maak om in die heuwelagtige gebied in die suide van Palestina landbou te beoefen en te oorleef. Die bou van terrasse vir landbouoëleindes en die uitgraving van watervergaarbakke was algemene praktyk in die Suidryk.

Daar is navorsers wat daarvan oortuig is dat daar nie aan die begin van die 10de eeu v.C. 'n verenigde Israelitiese koninkryk bekend as die koninkryk van Dawid en Salomo bestaan het nie.¹⁵ Volgens hulle het die twee koninkryke van meet af los van mekaar ontwikkel (Finkelstein 2013). Judese skrywers het wel, nadat die Assiriërs die Noordryk verower het, 'n eenheidsverhaal geskep (1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings) wat die indruk wek dat daar voorheen 'n verenigde koninkryk was. Dit is gedoen om die burgers van die Noordryk, wat na die val van die Noordryk in 722 v.C. na Juda gevlug het, van 'n verhaal te voorsien waarmee hulle kon identifiseer en waarin hulle hul as één met die Judeërs kon beleef.

Die vroeë konings van die Neo-Assiriese Ryk het aanvanklik nie 'n aggressiewe veroweringsbeleid gevolg nie, maar toe Tiglat-Pileser III (744–727 v.C.) aan bewind kom, was dit duidelik dat hy ander planne gehad het. Hy wou die Assiriese Ryk tot aan die Middellandse See uitbrei en só beheer oor die handelsroetes en florerende markte verkry (Healy en McBride 1991:25). Hierdie handelinge het die Egiptenare die harnas ingejaag, want dit sou 'n impak op húl belange hê. Die tafel was dus vir 'n konfrontasie gedek, hoewel Egipte op hierdie stadium nie meer so magtig soos vroeër was nie.

Soos die Assiriese magte weswaarts beweeg het, het hulle die stadstate en kleiner state deel van die Assiriese Ryk gemaak óf deur hulle as provinsies in te lyf, óf deur vasalverdrae met hulle te sluit. Die kleinboere buite die stede was egter verplig om hul toevlug tot die stede te neem om die aanvallende Assiriese troepe te ontwyk. “The ferocity of the Assyrian Empire pressured rural populations to settle in the cities where they could find relative security” (Schniedewind 2004:66). Só is verstedeliking in die ou Nabye Ooste aangewakker en kom 'n vroeë vorm van globalisering tot stand. Die Assiriese Ryk het 'n goeie regering- en administrasiestelsel ingevoer, al die onderhorige volke in één ekonomie ingebind, en één taal (Aramees) as kommunikasie-middel afgedwing (Schniedewind 2004:65).

Die 8ste eeu v.C. was een van die stormagtigste tye in die geskiedenis van Siro-Palestina. Van die koninkrykies en stadstate in hierdie geweste het koalisië gesluit in 'n poging om die aanrollende Assiriese magte se aanslag af te weer. Soms het van hulle hulleself vir 'n tyd aan die Assiriërs onderwerp en vasalverdrae aangegaan, en dan later weer gerebelleer en na koalisievennote gesoek met die hoop om aan die oorheersing te ontkom (Healy en McBride 1991:24–50; Taylor 2002:358–9).

Die Assiriërs se impak op die geskiedenis van Israel en Juda gedurende die 8ste eeu v.C. was lotsbepalend. Dit was een van die gewelddadigste periodes wat die twee ryke beleef het en dit sou uiteindelik tot die ondergang van die Noordryk lei.

Die Assiriese koning Salmaneser V (727–722 v.C.) het gedurende sy bewind ’n aanval op die Noordryk geloods en die hoofstad Samaria beleër en dit waarskynlik verower, hoewel sy opvolger, Sargon II (722–705 v.C.), daarop roem dat hy die stad ingeneem het (Grabbe 2007:149, 163–4). Heelwat Israeliete is gedeporteer en burgers van ander gebiede is hier hervestig (Van de Mieroop 2007:251). Van die Noordryk se mense het wel na die Suidryk gevlug in die hoop om aan die Assiriese aanval te ontkom. Jerusalem se inwonertal het gedurende die 8ste eeu met rasse skrede toegeneem. Koning Agas (735–715 v.C.) van Juda het aanvanklik ’n verdrag met die Assiriërs gesluit met die hoop dat Juda gespaar sal word. Toe koning Hiskia (715–687 v.C.) egter aan bewind kom, het hy met die steun van Egipte teen die Assiriërs in opstand gekom. Sanherib (705–681 v.C.), Sargon II se opvolger, het Juda in 701 v.C. binnegeval om Hiskia ’n les te leer. Egipte was nie op hierdie stadium by magte om sy bondgenoot te ondersteun nie. Verskeie Judese stede (waaronder Lagis) is verower en Hiskia is soos “’n voël in ’n kou” in Jerusalem aangehou (Olivier 1982:166). Jerusalem het egter die beleëring oorleef. Om redes wat onbekend is, het Sanherib se magte hulle onttrek en Hiskia en die inwoners van Jerusalem kon weer asem skep, maar Hiskia moes skatplig aan die Assiriërs betaal. Juda sou nog ’n eeu oorleef voordat die Judeërs voor die Babiloniese magte moes swig. Die Noordryk het skaars twee eeue bestaan (930–722 v.C.). Die Suidryk, daarenteen, het vir net meer as drie eeue bestaan (930–586 v.C.).

Sanherib se inval in Juda was nie die einde van die Assiriërs se optrede in hierdie geweste nie. Sanherib se opvolger, Esarhaddon (680–669 v.C.) het in 671 v.C. ’n aanval op Egipte geloods, omdat hy geglo het dat Egipte die Assiriërs se greep op die handelsroetes op land en see kon ondermyn. “Crossing the Sinai with the aid of his Arab vassals the Assyrian army entered Egypt, and in a number of battles ousted Taharqa, capturing Memphis on 11 July 671 BC” (Healy en McBride 1991:50). Assurbanipal (668–627 v.C.), Esarhaddon se opvolger, sou Egipte weer in 663 v.C. binneval nadat farao Nego I (672–664 v.C.) probeer het om Egipte van die Assiriërs te bevry. Die opstand is onderdruk en Assirië sou tot 639 v.C. relatiewe beheer oor Egipte uitoefen, maar teen die einde van die Assiriese Ryk het Egipte saam met die Assiriërs teen die Babiloniërs geveg! “This was to no avail, however, and the conquest of Egypt became a goal of the Babylonian Empire” (Van de Mieroop 2007:256).

3.3 Die Babiloniese besetting (586–539 v.C.)

In teenstelling met die Assiriese hoofstede, Assur en Ninevé, wat aan die Tigrisrivier geleë was, was Babilon, wat uiteindelik die hoofstad van die Babiloniese Ryk sou word, aan die Eufraatrivier geleë. Die Assiriërs kon in 730 v.C. daarin slaag om beheer oor Babilonië te bekom. Dit was deels weens die feit dat die Babiloniese koninkryk wat hier geleë was, nie uit ’n homogene groep mense bestaan het nie. Sedert die oorname het onrus bly broei. Die eerste groot opstand het in 705 v.C. na die dood van die Assiriese koning Sargon II uitgebreek. Sanherib, Sargon II se opvolger, slaag wel in 689 v.C. daarin om Babilon in te neem na ’n 15 maande lange beleg daarvan (Albertz 2003:48). Sy magte het verwoesting aangerig deur die stad byna met die grond gelyk te maak en die bevolking te verstrooi. Voorts het hulle die stad met water uit die Eufraatrivier oorspoel. Die tempel van die Babiloniese god, Mardoek, is vernietig en die godsbeeld is weggevoer. Met hierdie handeling het Sanherib die saad vir latere opstand teen, en oorname van, Assirië gesaai.

Esarhaddon, Sanherib se opvolger, het probeer om die Babiloniërs se guns te wen deur 'n beleid van versoening teenoor hulle te volg. Hy het sy seun, Assurbanipal, as regent oor Babilonië aangestel, die stad Babilon laat herbou en die standbeeld van Mardoek teruggegee. Hy het egter vereis dat hulle voorrang aan die aanbidding van die Assiriese gode verleen. Kort voor lank het daar egter opstande in Babilonië uitgebreek: die eerste een in die jaar 651 v.C. en die tweede een in 627 v.C.

In 650 v.C. word Babilon dus weer beleër en in 648 v.C. herower. Die Babiloniërs het egter ervaar dat hulle teen die Assiriërs saam kon staan en daarom het hulle planne vir 'n volgende opstand begin beraam. Die afsterwe van Assurbanipal, Sanherib se opvolger, en die stryd om 'n nuwe troonopvolger, het na die regte oomblik gelyk. Nabopolassar, een van die Chaldese leiers in Babilonië, neem die leiding en loods aanvalle op die Assiriese besettingsmagte. Hulle word verdryf, maar Nabopolassar kon die Assiriërs eers ná 616 v.C. op hul eie bodem aanvat. Hy slaag daarin om die Assiriese magte op eie bodem te verslaan, maar moes onttrek, omdat die Egiptenare op die toneel verskyn het. Vier jaar later (612 v.C.) slaag 'n koalisie van Mede en Babiloniërs egter daarin om die Assiriese hoofstad, Ninevé, te verower. Nabopolassar skryf die oorwinning daaraan toe dat die Babiloniese gode, Mardoek en Naboe, die opdrag vir die aanval gegee het. Die Assiriërs word nou in gelyke munt terugbetaal. Die nuwe Babiloniese Ryk word op die oortuiging gebou dat die ondergang van die Assiriese Ryk aan die Babiloniese gode (wat hulle op die Assiriërs gewreek het) te danke is (Albertz 2003:51; Beaulieu 2007:57).

Die Assiriërs het egter nie gaan lê nie, maar 'n kleiner koninkryk in die noordelike deel van Sirië, met Haran as die hoofstad, tot stand gebring. Die Egiptenare het hulle hierin ondersteun, want hulle was daarvan oortuig dat 'n bufferstaat tussen hulle en die Babiloniërs voordelig vir hulle as Egiptenare sou wees. Vyf jaar lank veg die Mede en die Babiloniërs teen die Assiriërs en die Egiptenare, maar in 605 v.C., tydens die veldslag van Karkemis, word die magte van Egipte en Assirië verslaan. Só kom die eens magtige Assiriese Ryk tot 'n einde en word die ryk tussen die Mede en die Babiloniërs verdeel. Die Mede het die noordelike dele van die Assiriese Ryk oorgeneem en die Babiloniërs die suidelike en westelike deel daarvan (dit sluit Silisië, Sirië, Fenisië en Palestina in).

Nabopolassar sterf in 605 v.C. en sy seun Nebukadnesar volg hom as koning van Babilonië op. Hy het vir meer as 40 jaar regeer (605–562 v.C.) en die Babiloniese Ryk tot 'n magtige ryk in die ou Nabye Ooste opgebou.

Soos voorheen word die Judeërs weer deur twee groot magte vasgedruk en moes hulle ter wille van oorlewing kant kies. Hierdie keer was dit 'n keuse tussen die Babiloniërs en die Egiptenare, en soos voorheen kies die Judese konings die verkeerde party. Hulle het gemeen dat Egipte hulle teen die Babiloniese oorheersing sou kon beskerm, maar dié keuse het geboemerang. Nebukadnesar se magte het verskeie aanvalle op Egipte geloods en in 586 v.C. die klein Judese koninkryk en die stad Jerusalem verwoes omdat die Judeërs hul heil by Egipte gesoek het. “The primary target was Egypt; the tiny rebel state of Judah was of secondary concern but had to be made a terrible example” (Albertz 2003:53). Die room van die Judese bevolking is na Babilon weggevoer en só begin die periode bekend as die Babiloniese ballingskap. Hierdie ballingskap is in 539 v.C. beëindig toe die Persiese koning Sirus (ook bekend as Kores) alle ballinge toegelaat het om na hul lande van oorsprong terug te keer.

3.4 Die Persiese besetting (539–332 v.C.)

Die Mede en Babiloniërs het gesamentlik die Assiriese Ryk tot 'n val gebring, maar net die Babiloniërs het daarin geslaag om vir sewe dekades opperheerskappy in die ou Nabye Ooste te voer. Die Mede het egter nie van die toneel af verdwyn nie, maar beheer oor die Assiriese hinterland behou en gevolglik ook beheer oor die Persiese koninkryk wat suidoos van die destydse Assiriese Ryk geleë was, gehad. Na regeer was die Perse 'n vasal van die Mediese Ryk, maar in 550 v.C. slaag Sirus (die seun van 'n Persiese koning en sy vrou van Mediese afkoms) daarin om die magte van sy oupa aan moederkant te verslaan. “Becoming king over the Median Empire was only Cyrus’s first step toward taking over the neo-Babylonian Empire” (Grabbe 1994:122). Vroeg in 539 v.C. ruk sy magte gevolglik teen die Babiloniese koning, Nabonidus, op en verslaan sy leërs. Die stad Babilon word in Oktober 539 v.C. sonder teenstand ingeneem. Só verkry Sirus beheer oor die Babiloniese Ryk en kom een van die grootste ryke in die ou Nabye Ooste tot stand. Die Persiese Ryk sou vir twee eeue die ou Nabye Ooste oorheers.

Sirus (559–530 v.C.) het homself voorgedou as iemand wat billik en regverdig regeer en het die ballinge toegelaat om na hul tuisgebiede terug te keer. Op dié manier keer van die Judeërs wat as ballinge na Babilonië weggevoer was, terug na Palestina.¹⁶ Die Perse roep die provinsie Jehoad in die lewe, maar laat nie die Jode toe om 'n koning oor hulleself aan te stel nie – hulle bly onder die beheer van 'n Persiese goewerneur. Jehoad was heelwat kleiner as die destydse Suidryk (Juda). Die Jode word wel toegelaat om die tempel in Jerusalem te herbou sodat hulle hul godsdiens na behore kon beoefen.

Na Sirus se dood in 530 v.C. kom sy seun, Kambuses II (530–522 v.C.), aan bewind. Hy loods 'n aanval op Egipte om dit deel van die Persiese Ryk te maak. Hy slaag uiteindelik daarin, maar terwyl hy met sy Egiptiese veldtog besig was, breek opstande in Persepolis uit en moet hy hom daarheen haas om dit te onderdruk. Hy sterf egter op pad soontoe en Darius I (522–486 v.C.) volg hom op.

Sirus het klaarblyklik nie daarin belang gestel om die Persiese Ryk verder weswaarts as Anatolië en Lidië uit te brei nie. “He seems to have stopped the western expansion altogether at this point, probably seeing the Aegean as a natural frontier of the Achaemenid Persian Empire” (Cline en Graham 2011:119). Darius I het egter ander sienings gekoester. Hy wou die Griekse stadstate verower en seggenskap oor die handelsroetes verkry. Vir dié doel begin hy magte oor die Egeïese See stuur, maar die Grieke staan saam en ontsê die Perse vastrapplek. Die Perse en Grieke was hierna in verskeie veld- en seeslae betrokke, maar die Perse kon net nie daarin slaag om die Griekse stadstate te verower en beheer oor die gebied en sy handelsroetes te kry nie. Die bordjies word skielik gedurende die bewind van Darius III (336–331 v.C.), die laaste Persiese koning, verhang. Die Grieke onder aanvoering van Aleksander die Grote (336–323 v.C.) ruk op en verower binne 'n dekade die ganse Persiese Ryk (Waters 2014:199–216).

3.5 Die Grieks-Masedoniese besetting (332–63 v.C.)

Aleksander die Grote was die seun van Filippus II van Masedonië, wat ten noorde van die Griekse stadstate geleë was. Die Masedoniërs het nie hoë aansien onder die Grieke geniet nie, maar tog slaag Filippus daarin om die Grieke tot 'n eenheid saam te snoer en so die Grieks-Masedoniese Ryk op die been te bring. Sy doel met die eenwording van Griekeland was om

die Perse eens en vir altyd 'n les te leer en hulle uit Anatolië te verdryf. Voor hy egter hierin kon slaag, word hy vermoor en neem sy 20-jarige seun, Aleksander, by hom oor. Hy besluit om sy vader se ideaal te verwesenlik deur die Persiese Ryk binne te val om sodoende 'n einde aan die herhaaldelike aanvalle te bring. Maar hy het ook ten doel gehad om die Persiese Ryk in te palm en 'n ewe magtige ryk tot stand te bring (Cline en Graham 2011:142–8).¹⁷

Nadat Aleksander die Grote se magte koning Darius III in Anatolië verslaan het, ruk hy via Fenisië en Palestina na Egipte op. Geeneen van die kusstede op pad na Egipte kon voor sy leërs staande bly nie – behalwe die stad Tirus, wat op 'n eiland geleë was. Aleksander het egter vinnig 'n plan beraam en 'n muur na die eilandstad gebou. Na 'n beleg van sewe maande is die stad uiteindelik verower (Olivier 1983:30). Egipte word hierna ingeneem en die stad Aleksandrië word aan die westelike oewer van die Nyldelta aangelê om Memfis as hoofstad te vervang. Hierna ruk hy weer noord- en ooswaarts op. Sy magte dien by Gaugamela (331 v.C.) die magte van Darius III finaal die nekslag toe. Hierna verower hy die een Persiese stad na die ander. Sy manskappe bereik uiteindelik die Indusrivier, maar hulle weier om Indië binne te val. Aleksander keer terug en vestig hom in Babilon, waar hy in 323 v.C. aan koors sterf (Parker 2014:293–316).

Omdat hy nie self 'n opvolger aangewys het nie en sy seun nog ongeboore was, verdeel sy generaals – ná onderlinge struwelinge en koalisiëvorming – die ryk in vier dele. Die burgers van twee hiervan is van belang vir die verdere besettingsgeskiedenis van Palestina: die Ptolemeërs, wat beheer oor Egipte verkry, en die Seleukiede, wat beheer oor Sirië, 'n gedeelte van Anatolië en 'n gedeelte van Mesopotamië verkry. Dié twee koninkryke sou verskeie oorloë voer oor presies waar die grens tussen die twee koninkryke in Palestina loop. As gevolg hiervan was die Jode aan die genade van óf die Seleukiede óf die Ptolemeërs uitgelewer. Cline en Graham (2011:168) vat hierdie stuk geskiedenis goed saam in die volgende woorde:

The basic political narrative of Jews under Hellenistic rulers is fairly straightforward. In 332, Alexander seized the region – where the kingdoms of Israel and Judah had once flourished – from the Achaemenid Persians. From 320 to 312, the Jews were under the Ptolemies; from 312 to 301, they were under the Seleucids; from 301 to 200, under the Ptolemies once again; and from 200 to 167, under the Seleucids once again.

Die Jode het dus na 200 v.C. permanent burgers van die Seleusiese koninkryk geword. Hulle het die Jode aanvanklik billik behandel, maar toe Antiogus IV (175–163 v.C.) aan bewind kom, het daar 'n verandering ingetree. Hierdie verandering het deels met ekonomiese druk verband gehou. Antiogus het by geleentheid die tempel in Jerusalem van sy skatte gestroop om die ryk se skuldlas te verlig. Dit het die Jode die harnas ingejaag en hulle het 'n straatkollekte vir Antiogus IV gehou. Antiogus was gebelgd deur hierdie optrede en dring nou daarop aan dat Zeus, die Griekse oppergod, in die tempel van Jerusalem vereër moes word.

In reaksie op Antiogus IV se handelinge breek 'n guerrilla-oorlog (bekend as die Makkabeëroopstand, 167–164 v.C.) in die gebied uit. Die Jode het nou net één doel voor oë gehad en dit was om polities en godsdienstig onafhanklik te word. Die Hasmonese familie het die leiding geneem en die seun, Judas Makkabeus, het met sy magte die Seleukiede verskeie kere die loef afgesteek (Montefiore 2012:78–85). Kort voor lank gee die Seleukiede bes en

laat die Jode toe om semi-onafhanklik te word (Cline en Graham 2011:170–2). Hul onafhanklikheid was egter van korte duur (142–63 v.C.), want die Romeinse Ryk was in die weste aan die opmars.

3.6 Die Romeinse besetting (63 v.C. – 330 n.C.)

Die Romeinse Ryk, wat in Italië sy oorsprong gehad het, het stelselmatig suid- en ooswaarts uitgebrei totdat dit groot dele van Noord-Afrika en Griekeland beset het.¹⁸ Hierdie uitbreiding het op 'n botsing met die Ptolemese en Seleusiese koninkryke afgestuur. Die Ptolemeërs kon die druk langer as die Seleukiede verduur, maar ook hulle moes later bes gee. Die Romeine kon die Seleusiese koninkryk vinniger inpalm, omdat die Partiese Ryk daarin geslaag het om die Seleusiese koninkryk vanuit die ooste te rysmier (Cline en Graham 2011:199–220). Kort voor lank het die Romeine, onder leiding van generaal Pompejus, ook die Hasmonese Ryk (waar Israel en Juda vroeër geleë was) ingeneem en 'n einde gebring aan hierdie kortstondige Joodse koninkryk wat in Palestina tot stand gekom het.

Pompejus se ingryping in die geweste is deels toe te skryf aan die Romeine se imperialistiese drang en deels aan die onderlinge struwelinge van die twee seuns van Salome Aleksander (76–67 v.C.) wat die Hasmonese koninkryk op daardie tydstip regeer het (Perdue, Carter en Baker 2015:223). Die Jode verloor hul onafhanklikheid in 63 v.C. toe Pompejus Jerusalem inneem en Rome se gesag afdwing. Die wedywering tussen Hirkanus II en Aristobulus II duur egter voort, maar Julius Caesar stel Antipater van Idumea (vroeër bekend as Edom) as goewerneur van Juda/Israel aan en stoot sodoende die Hasmoneërs opsy. Antipater stel op sy beurt sy een seun, Fasaël, as goewerneur van Jerusalem aan en die ander seun, Herodus, as heerser oor Galilea. Herodus word later koning oor die hele Juda/Israel en regeer tot 4 v.C.

Herodus die Grote (37–4 v.C.) was 'n brutale heerser en nie geliefd onder die Jode nie, want hy het duidelik aan die kant van die Romeine gestaan en hul belange in Palestina bevorder. Na sy dood word sy koninkryk onder sy drie seuns verdeel. Nie een van hulle slaag egter daarin om die Jode se guns te wen nie. Toe keiser Augustus (27 v.C.–14 n.C.) later ingryp en rondom 6 n.C. Juda en Samaria deel van die Romeinse provinsie Sirië maak, was die tafel weer vir 'n rebellie gedek. Die Jode word nou deur Romeinse goewerneurs regeer en hulle toon weinig begrip vir die Jode se godsdienste en leefwyse en hul strewe na selfregering. Dit lei tot die Joods-Romeinse oorlog van 66–70 n.C. Na bloedige gevegte slaag generaal Titus daarin om Jerusalem in 70 n.C. in te neem. Sy magte verwoes uiteindelik die stad en die tempel (Grabbe 1994:419–61, Montefiore 2012:155–69).

Heelwat Jode vlug na omringende gebiede en keer nooit weer terug nie. 'n Tweede Joods-Romeinse oorlog breek in die jare 132–135 n.C. uit toe keiser Hadrianus (117–138) Jerusalem tot 'n Romeinse stad wou omvorm. Heelwat Jode neem saam met Simon, seun van Kogba, die wapen op. Simon word deur rabbi Akiba as die Jode se messias begroet, maar die Romeine het hulle nie 'n tweede keer laat rondstoot nie. Hulle verwoes Jerusalem finaal en verbied die Jode om dit weer te betree. Die stad word nou tot Aelia Capitolina herdoop (Montefiore 2012:155–69). Ná die oorlog herbou keiser Hadrianus wel Jerusalem en bevolk dit met mense uit die omringende gebiede (Grabbe 1994:584–605).

Die Jode versprei nou oor die hele Mediterreense wêreld. Dis egter nie net die Jode wat versprei nie – die vroeë Christene versprei ook en daar ontstaan van tyd tot tyd spanning en skermutselinge tussen die twee groepe. Die Jode en Judaïsme het egter suksesvol in die ryk

bly voortbestaan totdat keiser Konstantyn hom in 312 n.C. tot die Christelike geloof bekeer het (Eliav 2006:565–86). Die Christelike geloof word nou ook as 'n legitieme godsdiens van die ryk erken en die sentrum van die ryk word na Bisantium aan die seestraat van Bosporus verskuif (330 n.C.). Die stad se naam word na Konstantinopel verander en dit word tot 'n Christelike stad omvorm met heelwat kerke en basilikas (Cline en Graham 2011:302).

Hierdie verandering het nie onmiddellik 'n invloed op die Jode gehad nie, maar daar is mettertyd wetgewing aanvaar wat die Jode en hul godsdiens benadeel het. 'n Voorbeeld hiervan is die wetgewing wat Konstantyn self deurgevoer het. Jode is verbied om bekeerlinge uit die Christendom te aanvaar of om mede-Jode te verhinder om Christene te word (Saperstein 1989:8, Montefiore 2012:179). Konstantyn se moeder, Helena, het Palestina deurkruis en heelwat heilige plekke geïdentifiseer waar kerke gebou kon word. Christene se aanvanklike huiwering om die land as hul eiendom te aanvaar en as heilig te erken het spoedig verander. Pelgrimstogte na die sogenaamde Heilige Land het toegeneem. Christene het hulle daar gaan vestig en só begin 'n Christelike besetting van die land wat vir 'n paar eeue sou voortduur.

3.7 Bisantynse besetting (330–636)

Keiser Konstantyn (307–337) se besluit om die stad Bisantium tot 'n hoofsentrum van die Romeinse Ryk te verklaar en die naam daarvan na Konstantinopel te verander het onbedoelde gevolge gehad: twee magsentrums het ontstaan – Rome en Konstantinopel. Dit was kort voor lank duidelik dat daar eintlik twee ryke bestaan wat hul wortels terug kon herlei na die eens magtige Romeinse Ryk: (1) die Wes-Romeinse en (2) die Oos-Romeinse Ryk – ook bekend as die Bisantynse Ryk. Cline en Graham (2011:302) lewer soos volg kommentaar hieroor:

Being a conservative Roman, Constantine did not presume to found a new empire. To his mind, this was a *renovatio romani imperii*, a renovation of the Roman Empire. Yet he did, in fact, create something new. Over a millennium later, scholars would call it the Byzantine Empire, although it would continue to call itself simply the Roman Empire.

Sedert die bewind van keiser Arkadius (395–408) en keiser Honorius (395–423) was twee keisers gelyktydig op die troon. Honorius het in Rome oor die Wes-Romeinse Ryk regeer en Arkadius in Konstantinopel oor die Oos-Romeinse Ryk. In die Wes-Romeinse Ryk het Latyn steeds 'n belangrike rol gespeel, maar in die Oos-Romeinse Ryk het Grieks die oorhand gehad. Dít het groot gevolge vir die Christelike belydenisse wat in hierdie tyd geformuleer is, ingehou.

Die Romeinse Ryk was egter nie die enigste ryk wat op hierdie stadium bestaan het nie. Die Persiese Ryk het sedert 224, onder die Sassaniede-dinastie, 'n nuwe opbloei beleef. Na die verdeling van die Romeinse Ryk in 395 in 'n oostelike en westelike deel, het die Perse die aartsvyande van die Bisantynse Ryk geword. Hierdie twee ryke het egter één gemeenskaplike kenmerk gehad – hul uitbreidingsdrang is deur 'n godsdienstige ideologie onderlê. “[T]he Roman and Persian (Sasanid) Empires of Late Antiquity were both driven to universalism by a potent and unprecedented combination of strongly centralized political systems and zealous religious ideologies” (Cline en Graham 2011:294). Godsdienstige oortuigings het wel vroeër tydens die ouer ryke 'n rol gespeel deurdat die verskillende vorste hul oorwinnings aan hulle gode toegeskryf het, maar nou, vir die eerste keer in die geskiedenis van die ou Nabye Ooste,

het hierdie twee ryke hul onderskeie godsdienste (die Christelike geloof en Zoroastrianisme) op ander afgedwing met die doel om eenheid te bewerkstellig (Cline en Graham 2011:309).

Die Sassanied-Persiese Ryk het reeds in die derde eeu die Romeinse Ryk begin bedreig. Die Persiese vors Sjapoer I (241–272) het heelwat van die Romeinse verdedigingstede aan die oosfront ingepalm, maar moes dit later, gedurende die bewind van keiser Gallienus (253–268), weer afstaan (Scarre 2012:178–9). Gedurende 'n latere veldslag tydens keiser Diokletianus (284–305) se bewind, is die Perse 'n goeie drag slae gegee en is 'n vredesverdrag met hulle gesluit wat vir 40 jaar sou duur (Scarre 2012:200). Die grootste aanvalle het egter teen die einde van die 6de eeu en gedurende die 7de eeu plaasgevind.

Keiser Justinianus (527–565), wat in hierdie periode in die ooste aan bewind was, het probeer om gebiede in die weste vir die Romeinse Ryk te herwin. Hy het gedeeltelik daarin geslaag, maar ten koste van oorwinnings deur die Sassanied-Persiese Ryk aan die oostekant. Gedurende sy bewind het Justinianus hom daarvoor beywer om die Christelike godsdienste te ondersteun deur kerke te bou en te herbou. In Konstantinopel het hy nie minder nie as 34 kerke gebou en herbou – onder andere die enorme kerkgebou bekend as die Hagia Sophia (Montefiore 2012:192). Die Perse het egter na sy dood opgeruk en weer groot dele van die Bisantynse Ryk ingepalm. Dit het Egipte, Palestina en Sirië ingesluit. Hulle het ook deur Klein-Asië opgeruk met die doel om Konstantinopel in te neem. Die laaste van hul vele oorloë vind in die jare 602–628 plaas.¹⁹ Konstantinopel word beleër, maar keiser Heraklius (610–41) slaag daarin om die aanval af te weer en die Perse terug te dryf. Gedurende die laaste jare van sy bewind het daar egter 'n nuwe mag op die toneel verskyn – die Moslem-Arabiere (Montefiore 2012:198–200). Hulle het uit die Arabiese Skiereiland aangestorm en Egipte, Palestina en Sirië, wat keiser Heraklius enkele jare tevore van die Perse herower het, ingepalm (Olivier 1983:34–6). Só is die Bisantynse oorheersing van Palestina beëindig en kry die Moslem-Arabiere beheer daaroor.

3.8 Die Arabies-Moslem-besettings (636–1517)

Die profeet Mohammed is in ongeveer 570 in Mekka in Arabië gebore. Rondom die jaar 610 maak hy daarop aanspraak dat hy verskeie goddelike openbarings beleef het en trek heelwat volgelingen. Die handelsaristokrasie in Mekka het egter nie veel ooghere vir hom en sy volgelingen gehad nie en hulle versit gevolglik na Medina. Dit was in 622, wat as die geboortejaar van Islam beskou word. In 630 keer hulle egter terug na Mekka en maak dit die hoofsentrum van Islam. Hiervandaan word verskeie oornames van die Arabiese Skiereiland beplan en uitgevoer (Cline en Graham 2011:328).

Uit die openbarings wat Mohammed beleef het, is die Koran gebore, maar dit hou ook verband met wat hy by Christene en Jode gehoor het. Islam is egter nouer aan Judaïsme verwant as aan die Christelike geloof. 'n Joodse geleerde het dit 'n keer soos volg beskryf: “Islam is Judaism transplanted among the Arab people, whereas Christianity is Judaism transformed for the Gentile people” (vgl. Geering 2000:25). Mohammed het hom verder daarop beroep dat die engel Gabriël hom een nag met 'n gevleuelde perd van Mekka tot in Jerusalem laat reis het. Hy het ook vertel van 'n reis met die gevleuelde perd – van Jerusalem tot in die hemel! Die Rotskoepel in Jerusalem is oor die rots gebou waarvandaan hy na die hemel sou gereis het. Die nagtelike reis en die hemelreis is spoedig tot een reisverhaal verweef en só is Jerusalem vir Islam geannekseer en word dit naas Mekka en Medina as 'n belangrike pelgrimstad beskou.

Mohammed is in 632 oorlede en die eerste van sy opvolgers, die kalief Abu Bakr (632–634), het die verowering van Arabië voortgesit en ook deurgestoot na Palestina (Küng 2009:162–6). Die tweede opvolger, Omar ibn al-Khattab (634–644), het die Arabiese verowering verder gevoer en ook Jerusalem ingeneem. “Jerusalem was captured in 638 and this city, holy to Jews and Christians, has remained in Muslim hands until our time (interrupted only by the century of the crusades)” (Küng 2009:170). Hierna het Omar se magte ooswaarts geswenk en Mesopotamië en Persië verower en later selfs Indië binnegedring. Van die Arabiese magte het ook weswaarts in Egipte en Noord-Afrika ingedring en dit verower (Cline en Graham 2011:328).

Na Omar se dood het ’n Moslemraad vir Utman ibn Affan (644–656) as opvolger (kalief) gekies. Nie alle Moslems was hiermee tevrede nie en Utman word vermoor en Mohammed se skoonseun, Ali ibn Abu-Talib, word as opvolger gekies (Armstrong 2000:28). Hy skuif die sentrum van Islam van Mekka na Koefa in Irak. Sy optrede lei egter tot die eerste skeuring in die geloofsgemeenskap en so kom die Sjiiete-Moslem-groep naas die Soenniete-groep tot stand. Die Sjiiete ag kalief Ali as die eerste legitieme opvolger van die profeet. Die Soenniete, daarenteen, reken ook die vorige drie opvolgers as legitieme opvolgers.

Na Ali se dood ontstaan daar weer ’n opvolgstryd. Ali se volgelinge wou hê dat sy seun, Hassan, hom moes opvolg, maar Muawija, wat verskeie verowering op sy kerfstok en ’n stewige magsbasis in Sirië gehad het, het Hassan uitgedaag. Dit lei daartoe dat Muawija wêl opvolger word. Hy regeer vanuit Damaskus en sy opvolgers staan as die kalifaat van die Omajjade bekend (Küng 2009:190–235). Hulle het van 661 tot 750 vanuit Damaskus regeer en was onder andere verantwoordelik vir die bou van die Rotskoepel in Jerusalem wat in 692 voltooi is. Die Omajjade slaag ook daarin om groot dele van Noord-Afrika asook die Iberiese Skiereiland in te palm en ’n ryk groter as die destydse Romeinse Ryk tot stand te bring (Armstrong 2000:35–45, Cline en Graham 2011:332–9).

Die Abbasiede-kalifaat neem na 750 by die Omajjade oor as die derde kalifaat en regeer vanuit Bagdad. Hulle regeer vir net meer as twee eeue oor die Arabiese Ryk en bevorder die studie van die natuurwetenskappe, geneeskunde en opvoeding. Islam beleef ’n bloeitydperk onder die Abbasiede, maar dit was vir hulle moeilik om die ganse Arabiese Ryk vanuit Bagdad te bestuur (Armstrong 2000:45–55). ’n Opponerende kalifaat, bekend as die Fatimiede, kom gevolglik in Tunisië in Noord-Afrika tot stand. Hierdie groep het beweer dat hulle afstammeling van Mohammed, deur sy dogter Fatima, is. Hulle het Egipte, Palestina en Sirië verower en selfs op ’n tydstip Bagdad bedreig. Soos so dikwels in die verlede was die inwoners van Palestina weer vasgevang tussen twee magte – een geleë in die noorde (die Abbasiede wat Soenniete was) en een in die suide (die Fatimiede wat Sjiiete was).

Die Fatimiede het vir ’n periode die hele Noord-Afrika van Algerië tot in Egipte en van daar deur Palestina tot in Sirië regeer. Hulle verloor egter stelselmatig beheer en na die moord op die laaste Fatimied-regeerder in 1171 word Saladin, die beroemde Moslem-aanvoerder tydens die kruistogte, sultan van Egipte. Só kom die kalifaat van die Ajjoebiede in Egipte aan bewind en kry hulle ook beheer oor Palestina (Bokhari, Seddon en Phillips 2012:52–3).

Ná die regering van die Fatimiede (972–1071) en vóór die Ajjoebiede (1187–1260) die bewind in Egipte oorgeneem het, het die Seldjoed-Turke vir ’n kort periode oor Palestina bewind gevoer (1071–1098).

Die Seldjoed-Turke voer hul oorsprong terug na 'n familie in sentraal-Asië wat hulle tot Islam bekeer en daarin geslaag het om Sirië en Anatolië binne te dring en selfs Palestina te beset en die Fatimiede te bedreig (Bokhari e.a. 2012:54–5). Pous Urbanus II het in 1095 Christene in Europa opgeroep om Palestina en die heilige plekke van die Seldjoed-Turke te gaan bevry. Agt kruistogte is na Palestina onderneem, maar sonder enige blywende sukses – behalwe miskien die eerste kruistog, wat Jerusalem in 1099 bevry het. Op Kersdag van die jaar 1100 word 'n Christelike koninkryk daar uitgeroep en Godfried van Bouillon tot eerste Christelike koning van Jerusalem aangestel. Die kruisvaarders word egter in 1291 by Akko finaal verslaan (Wessels 1996:95). Die Christene het wel vir byna twee eeue (1099–1291) hul stempel op Palestina afgedruk.

Reeds tydens die kruistogte het die Ajjoebiede (1187–1260), wat eintlik vanuit Armenië kom, hul mag in Egipte gevestig, by die Fatimiede oorgeneem en teen die kruisvaarders om beheer van Jerusalem en Palestina geveg. Hulle was aanvanklik lojaal teenoor die Abbasiede wat vanuit Bagdad regeer het, maar vestig uiteindelik hul eie gesag oor Egipte, Palestina en dele van die Arabiese Skiereiland (Bokhari e.a. 2012:56–7). Later jare neem die Mameloeke (1247–1517) by die Ajjoebiede oor en regeer vir byna drie eeue oor Egipte, dele van die Arabiese Skiereiland, Palestina en Sirië (Bokhari e.a. 2012:58–9).

3.9 Die Ottomaan-Turkse besetting (1517–1917)

Die Ottomaan-Turkse Ryk was die laaste van die Moslemgroepe en -ryke wat oor Palestina regeer het. Osman, die grondlegger van die Ottomaan-dinastie, was oorspronklik van Turkestan in sentraal-Asië afkomstig, maar hy en sy volgelinge vestig hulle in die 12de eeu in die noordoostelike deel van Anatolië. Sy seun, Orkhan (1324–1360), neem na sy dood by hom oor en dwing die Ottomane se gesag op die streek af en slaag selfs daarin om in 1354 die stad Gallipoli op die Europese kontinent in te palm (Times Books 2006:96, 99). Orkhan se seun, Moerad I (1359–1389), wat die titel sultan aanvaar, brei die Ottomane se gesag verder uit deur dele van die Balkan in te palm en die ryk ook suidwaarts tot aan die Middellandse See uit te brei.

Moerad se seun, Bajezid I (1389–1402), brei die Ottomane se gesag nog verder in die Balkan uit deur van die Bulgaarse state in te palm. Hoewel 'n Frans-Hongaarse kruistog teen hierdie uitbreiding geloods is, kon hulle nie daarin slaag om die Ottomane se opmars in Europa te stuit nie. Hulle delf die onderspit by Nikopolis (1396) en só word die Bisantynse Ryk se voortbestaan bedreig (Times Books 2006:100). Danksy die opmars van die Mongole vanuit die ooste kon die Bisantynse Ryk vir 'n tyd nog voortbestaan. Die Mongole het die Ottomane in 1402 'n gevoelige slag by Ankara toedien. Dit het hulle tydelik van stryk gebring, maar in 1453 slaag die Ottomane wel daarin om Konstantinopel in te palm, “putting an end to more than 1000 years of Byzantine history and inflicting a bitter psychological blow on Christendom” (Times Books 2006:107). Konstantinopel is tot Istanbul herdoop en die Hagia Sofia en ander kerke is in moskees verander.

Hierna het die Ottomaan-Turkse opmars in die Balkan getaan, maar na 50 jaar waarin die sultans hul mag gekonsolideer het, het hulle 'n hernude aanslag geloods. Dit het plaasgevind onder leiding van sultan Soeleiman, die Voortreflike (1520–66), wat die stad Wenen in 1529 beleër het. “Though they failed to take Vienna, the Turks’ gains confined the Habsburgs to Slovakia, Croatia and a thin strip of territory along the west bank of the Danube” (Times Books 2006:112). Hoewel Soeleiman nie daarin kon slaag om sy ryk verder in Europa uit te

brei nie, het hy wel daarin geslaag om dit suid- en ooswaarts uit te brei, sodat sy ryk uiteindelik net so groot soos die Oos-Romeinse Ryk onder die bewind van keiser Justinianus I (527–565) was.

Voor Soeleiman aan bewind gekom het, was Palestina en Egipte reeds deel van die Ottomaan-Turkse Ryk danksy die verowering van sultan Selim, Soeleiman se pa. Hy het Jerusalem in 1517 ingeneem nadat hy in 1516 die Mameloeke naby Aleppo in Sirië verslaan het. Soeleiman, wat hoogs gekultiveerd was, het gereken dat die Moslem- heiligdomme in Jerusalem en Mekka gerestoureer en versier moes word. Montefiore (2011:148) wys daarop dat die stempel wat hy op Jerusalem afgedruk het, vandag nog in die mure, kerke en moskees van die ou stad sigbaar is.

Na Soeleiman se dood het die Ottomaan-Turkse Ryk vir meer as ’n eeu bly voortbestaan voordat die sultans hul beheer oor die periferie van die ryk begin verloor het. Veral ekonomiese faktore het ’n rol gespeel. Die Nederlanders en Britte het die seeroete om die Kaap na Indië ontsluit en sodoende die landroete via die Ottomaan-Turkse Ryk omseil. Die Ottomane het gevolglik hul beheer oor die handelsroete na die Ooste verloor. Nasiestate het ook gedurende die 17de eeu in Europa tot stand gekom en hulle het alliansies gesluit om aan die Ottomane se magsgreep te ontkom.

Gedurende die 18de en 19de eeu het die ryk verder ingekrimp omdat van die randgebiede deur ander lande verower is. Hieronder tel Egipte, wat in 1882 deur Brittanje beset is, en Algerië en Tunisië, wat onderskeidelik in 1830 en 1881 deur die Franse gekoloniseer is. Gedurende die Balkan-oorloë (1912–1913) het die Ottomaan-Turkse Ryk sy beheer oor byna al die state dáár verloor en ná die Eerste Wêreldoorlog (1914–8), waartydens die Ottomane aan die kant van die Duitsers geveg het, is die ryk verdeel. Met generaal Allenby se verowering van Jerusalem in vroeg-Desember 1917 is hul beheer oor Palestina beëindig (Montefiore 2011:499–512).

3.10 Die Britse besetting (1920–1948)

Die Eerste Wêreldoorlog het radikale gevolge vir die mense van die Midde-Ooste ingehou. Die Ottomaan-Turkse Ryk het van die toneel verdwyn en nie minder nie as ses nuwe state het tot stand gekom: Turkye, Libanon, Sirië, Irak, Palestina en Transjordanië.²⁰ Die Britte en Franse het vyf van hierdie state geskep om hul belange in die Midde-Ooste te beskerm en die Russe op ’n afstand te hou (Montefiore 2011:513–21). Slegs Turkye kon daarop roem dat dit iets van die Ottomaanse Ryk behou het. Die Volkebond, wat na die oorlog in die lewe geroep is om vrede te bewaar, het hierdie handeling gesanksioneer. Die Franse het seggenskap oor Libanon en Sirië verkry en Brittanje oor Irak, Palestina en Transjordanië. Die oogmerk met die toewysings was dat Frankryk en Brittanje die state só moes bestuur dat hulle binne die afsienbare toekoms selfstandig en selfregerend kon word. Die Britte het egter gedurende die oorlog beloftes aan verskeie mense en groepe in Palestina gemaak wat duidelik weersprekend was en wat noodwendig tot konflik moes lei (Caplan 2010:56–62).

Een van die beloftes is in ’n brief vervat wat Arthur James Balfour (die Britse staatssekretaris verantwoordelik vir buitelandse sake) in November 1917 aan Walter Rothschild, ’n vooraanstaande lid van die Joodse gemeenskap in Brittanje, gemaak het (Montefiore 2011:497–8). Dit het die volgende sin bevat: “His Majesty’s Government view with favour the establishment in Palestine of a national home for the Jewish people” (Bunton 2013:18).

Hierdie sogenaamde Balfour-verklaring het ernstige gevolge vir die Arabiese-Palestynse bewoners van die Britse mandaatgebied ingehou. Die Joodse groepe in Brittanje en Palestina het hierdie verklaring natuurlik verwelkom. Vir hulle was dit klinkklaar dat Brittanje die Sioniste en hul oogmerk om 'n Joodse staat in Palestina te vestig, ondersteun. Die Balfour-verklaring het wel ook die volgende frase bevat: “nothing shall be done which may prejudice the civil and religious rights of existing, non-Jewish communities in Palestine” (Bunton 2013:19), maar van die beskerming van Palestyne en hul regte het in die geskiedenis weinig tereg gekom.

Voor die Eerste Wêreldoorlog het Moslems, Christene en Jode in hierdie deel van die wêreld met mekaar in harmonie geleef. Die handelinge van Brittanje het hierdie harmonie egter kom versteur. Dit het duidelik die Joodse inwoners en immigrante bevoordeel en die Arabiese inwoners benadeel.

Die eerste geweldplegings vind in 1920 plaas toe die Arabiese inwoners 'n anti-Sioniste demonstrasie in die ou deel van die stad Jerusalem geloods het. 'n Hele aantal Jode en Palestyne sterf. 'n Volgende opstand vind in 1921 in die stad Jaffa plaas. Dit was die gevolg van 'n Britse besluit om 16 500 Jode toe te laat om hulle in Palestina te vestig (Caplan 2010:65–72). 'n Groep Arabiese leiers besoek hierna Londen met die versoek dat die Balfour-verklaring opgehef word en dat Joodse immigrasie na Palestina gestaak word. Voorts het hulle versoek dat 'n nasionale regering met 'n verkose parlement wat uit Moslems, Jode en Christene bestaan, in die lewe geroep moes word. Die versoek is afgewys, maar Brittanje reik hierna 'n witskrif uit waarin dit duidelik gestel word dat Brittanje nie beoog om die hele Palestina 'n Joodse staat te maak nie; dit het net ten doel om vir die Jode ook 'n tuiste in die land te vind. Brittanje sou ook die immigrasie van Jode beperk tot dit wat Palestina ekonomies kon hanteer. “It seemed that Britain envisaged the establishment of a unitary Arab-Jewish state” (Bunton 2013:23–4), maar Brittanje het dit nie op daardie stadium duidelik uitgespel nie.

In 1928 vind 'n volgende opstand plaas wat saamhang met toegang tot die westelike muur van die Tempelberg (bekend as die Klaagmuur) (Montefiore 2011:522–8). Vir die Moslems is hierdie muur deel van die kompleks waar die twee moskees staan: “The wall is known to the Muslims as *al Baruq*, because Muhammad tethered his horse there, and the Dome of the Rock and the al-Aqsa mosque, built in the 7th century, are two of Islam’s most revered buildings” (Bunton 2013:31). Die Jode wou vryer toegang tot die muur verkry, maar die Moslems het geoordeel dat dit die dun punt van die wig was en dat die Jode 'n Joodse heiligdom wil oprig. Die Shaw-kommissie se ondersoek na die gebeure het gewaarsku dat verdere immigrasie van Jode en oornames van Arabiese plase ernstige gevolge vir vrede in die land inhou. In Oktober 1930 reik Brittanje die Passfield-witskrif uit waarin dit uitgespel word dat die Arabiese inwoners se belange nie geïgnoreer sal word nie.

In 1936, na net meer as 15 jaar van Britse beheer, breek 'n groot staking van Arabiese werkers uit (Caplan 2010:82–9). Hulle oogmerk was om die land en sy bestuur lam te lê. Dit het die Britte onkant betrap en weer eens word 'n kommissie van ondersoek aangestel, dié keer onder die voorsitterskap van lord Peel (Montefiore 2011:538–45). Die Peel-kommissie beveel in sy verslag van 1937 aan dat Palestina in twee dele verdeel moet word – 'n deel vir die Jode en 'n deel vir die Arabiese inwoners. Hierdie verslag het die vonk in die kruitvat gegooi. Vir die Arabiese inwoners was dit duidelik dat hulle Brittanje nie kan vertrou nie en dat die Sioniste 'n verlengstuk van die Britse Ryk was. “Zionism’s close relationship with the

European power ruling Palestine could not but, in the minds of Palestinian Arabs, indelibly frame it as a settler colonial movement” (Bunton 2013:34).

Brittanje het gedurende die dekade van 1937 tot 1947 geleidelik hul beheer oor die mandaatgebied verloor. Die opstande wat uitbreek het, is in 1939 in bedwang gebring en Brittanje het teruggekrabbel oor die verdeling van die land soos aanbeveel in die Peel-kommissieverslag.

Die Tweede Wêreldoorlog (1939–45) breek egter uit en al hoe meer Europese Jode probeer om na Palestina te vlug vanweë Hitler se beleid van massale uitwissing van Jode. Brittanje probeer die toestroming beperk en kelder selfs twee skepe met Joodse vlugtelinge – die *Patria* (November 1940) en die *Struma* (Februarie 1942). Die omringende Arabiese state skaar hulle uiteindelik aan die kant van die Arabiese inwoners van Palestina en reik ’n verklaring uit (die Protokol van Aleksandrië). “They made it clear that, although they regretted the bitter fate suffered by European Jewry as a result of European dictatorships, the Jewish problem should not be solved by inflicting injustice on Palestinian Arabs” (Geering 2001:45).

Die VSA tree nou ook toe en in Augustus 1945 versoek president Harry Truman Brittanje om onmiddellik 100 000 Joodse oorlewendes van die Duitse konsentrasiekampe tot Palestina toe te laat. Brittanje wys die versoek af, maar die VSA, wat op daardie stadium die grootste Joodse bevolking gehad het, bly druk uitoefen. Die toelating van Joodse immigrante bly ’n tumeletjie tussen 1945 en 1948, want die Arabiese inwoners het volgehou dat die land nie nog Joodse immigrante kan huisves nie en dat Palestina as ’n onafhanklike Arabiese staat erken moes word.

Die druk van verskeie groepe het Brittanje daartoe gebring om in 1948 die mandaatgebied aan die pasgestigte VN oor te dra en hom daaraan te onttrek. Die gevolge wat hierdie oordrag en onttrekking vir die Arabiese inwoners van Palestina ingehou het en steeds inhou, is algemeen bekend.²¹


3.11 Gevolgtrekking

Die voorgaande oorsig van die besettingsgeskiedenis van Palestina sedert 1200 v.C. maak dit duidelik dat die Jode (alternatiewelik Israeli’s) nie alleen op die land aanspraak kan maak nie. Navorsing bevestig dit dat die mense wat as Israeliete, Judeërs, Jode en uiteindelik as Israeli’s bekend staan, hierdie landstreek nie ononderbroke sedert die dae van Abraham bewoon het nie. Neem ’n mens in ag dat die twee koninkryke, Israel en Juda, maar eers sedert 930 v.C. op die toneel verskyn het, word dit duidelik dat hierdie mense en hul nageslagte die landstreek vir slegs drie periodes beset en bestuur het: 930–587/6, 142–63 en 1948 tot op hede. Dit is breedweg ’n skrale 500 jaar. Ná hulle, en ook vóór hulle, het verskeie ander mense die landstreek bewoon en oorheers. Wat die Moslemgroepe betref, het hulle die landstreek vir byna 1 400 jaar bewoon en bestuur.

Hier onder volg ’n Afrikaanse weergawe van ’n tydtabel wat Küng (1995:533; 2007:473) ontwerp het. Dit gee die besettingsgeskiedenis in een oogopslag weer. Die linkerhandse kolom met die kandelaar verteenwoordig die Joodse besettings, die middelkolom met die kruis die Christelike besettings en die halfmaan die Moslembesettings. Die datums wat Küng verstrek, is wel ten opsigte van die koninkryke van Israel en Juda aangepas. Dit is gedoen in

die lig van die jongste navorsing wat aan die begin van die artikel bespreek is. Die aansprake van die Israeli's dat die land aan hul voorvaders behoort het en dat hulle daarom eiendomsreg op die land het, strook eenvoudig nie met die besettingsgeskiedenis nie.

Palestina onder verskillende heerskappye



Figuur 3. Tydtabel van die besettingsgeskiedenis²²

4. Die moderne besetting van Palestina – ’n vorm van kolonialisme?

Die voorgaande twee afdelings het Jode en Christene se beroep op die Tenakh / Ou Testament, asook die besettingsgeskiedenis van Palestina onder die loep geneem. Dis gedoen in ’n poging om uitsluitel te kry of die staat Israel sy besetting van Palestina tans op grond hiervan kan regverdig. In die oorblywende deel van die artikel sal op die argument voortborduur word deur aan te voer dat die Israelse besetting van Palestina ’n nuwe, moderne ontwikkeling is wat nie deur dieselfde lens as vorige besettings en bevolkingsbewegings gelees kan word nie. In teenstelling met die Bybelse, godsdienstige en historiese regverdigings van sommige Westerse Christene en Sioniste, is die huidige oorname van Palestina ’n vorm van kolonialisme soortgelyk aan dié wat die Westerse lande sedert die 16de eeu bedryf. In dié besetting is die oorname van grond een van die sentrale koloniale aspekte. Hierdie deel van die artikel is deels gegrond op waarnemings tydens ’n feitesending aan Israel en die Wesower in Oktober 2014.²³

Hierdie ontleding gebruik as vertrekpunt die werk van die Nuwe Historici, spesifiek die Israelse geskiedkundige Ilan Pappé. Die Nuwe Historici het aan die hand van amptelike materiaal wat vanaf die 1980’s in die Israelse argief beskikbaar geraak het, die koloniale aspek van die Israelse besetting as deel van ’n post-Sionistiese benadering tot die Israelse historiografie na vore gebring (Pappé 2003; Nimni 2003). Hierdie wending het ’n akademiese debat ontketen oor die vraag of Sionisme nasionalisties of kolonialisties is. Pappé (2008:612) noem Sionisme ’n ongewone kolonialisme: “Zionist settlers – indeed Zionist thought and praxis – were motivated by a national impulse but acted as pure colonialists.” Pappé en andere, soos Shafir en Morris, argumenteer teen die Sionistiese historiografie.

Dié soort historiografie word in sy kruuste vorm in die Yad Vashem-museum in Jerusalem aangetref waar die dominante nasionale narratief in die uitstalling uitgebeeld word en gestalte kry. Die nasionale storie is dat die sogenaamde oorsaak van, en dus die regverdiging vir, die vestiging van die staat Israel slegs in die eeue lange vervolging van Jode in Europa gesoek moet word. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die vervolging op die spits gedryf met die massale uitwissing van Europese Jode. Dit staan ook bekend as die Sjoa, of Holocaust, want die Nazi’s het ses miljoen Jode op ’n gruwelike wyse uitgedelg – meestal in doodskampe. Die Yad Vashem-verhaal vertel die geskiedenis van die Jode met groot ahistoriese spronge. Dit verbind verhale uit die Tenakh / Ou Testament met die Nazigeweld millennia later en wel op só ’n wyse dat dit net één uitkoms kan en mag hê: die staat Israel in sy huidige gemilitariseerde en etnies-religieuse vorm. Die museuminstallasie se slotsom word al hoe meer bevestig hoe nader die besoeker aan die uitgang beweeg. Die laaste deel van die uitstalling handel oor die totstandkoming van Israel. Wanneer die besoeker die gebou verlaat, staan die uitsig oor die golwende heuwels rondom Jerusalem in skrilte kontras met die gruwels wat pas gade geslaan is. Die simboliese posisionering van die museum in verhouding tot die omgewing laat die koloniseringsimpuls (besetting van grond) soos ’n seer vinger uitstaan. Die uitgang bestaan uit ’n uitkykpunt oor die omliggende gebied, inwonerloos en oënskynlik onaangeraak, gereed vir Israelse setlaarvestiging, soos flussies in die museuminstallasie uitgebeeld en geregverdig. Die geweld wat intrinsiek aan kolonialisme is, word weerspieël in die argitektoniese struktuur van die Yad Vashem-museum. Die museumgebou se lang, driehoekige pypvorm herinner aan die loop van ’n kanon. By die uitgang kan die besoeker sien wat in die visier is: Palestina, waarvan die gewelddadige oorname sedert 1948 met behulp van sogenaamde Bybelse, godsdienstige en geskiedkundige redes geregverdig word.

Gegewe die oorweldigende argivale teenbewyse van die Nuwe Historici, ten gunste van die voorstelling van Sionisme as kolonialisme, het Sionistiese historici hul argumente effens aangepas. Sommige erken selfs die koloniale aspek van Sionisme, maar regverdig dit dan weer met Sionistiese interpretasies. 'n Voorbeeld is Penslar (2001) wat redeneer dat Sionisme vanaf sy oorsprong in die laat 19de eeu 'n nasionalistiese beweging was wat eers ná die 1967-oorlog kolonialisties geword het. Golan (2001) voer op sy beurt aan dat Sionisme 'n diasporanasionalisme was wat huiwerig met Europese imperialisme saamgespan het en dus op die ergste as nieformele kolonialisme bestempel kan word. Sionisme het egter verskeie eienskappe wat dit onderstreep dat dit 'n "colonialist project [...] pursued in the name of national [...] ideals" is (Pappé 2008:612). Hy noem as 'n ander voorbeeld van dieselfde koppeling van nasionalisme en kolonialisme die Franse besetting van Algerië. Die apartheidsbeleid van die Nasionale Party-regering kan ook as 'n voorbeeld dien.

In die res van hierdie artikel word die koloniale eienskappe van Sionisme van naderby belig voordat die argument gevoer word dat Israel in die verlede en hede by globale Westers-imperiale regimes inskakel. Dit is 'n waardevolle komponent van hierdie regimes wat hul belange (veral in die Midde-Ooste) verder uitbou. In die huidige konteks, ná die einde van die Koue Oorlog (1945–1990), is kultuur verpolitiseer met 'n spesifieke fokus op Islam. Die doel daarvan was om Moslems, in 'n hernude koloniale verdeling, ondergeskik te maak aan wit Westeringe (Mamdani 2004). Israel tree as agent van die Weste in die Ooste op en in ruil daarvoor word Israel by Westersheid en dus by globale Westerse witwees geïnkorporeer. Witwees en menslikheid hou met mekaar verband soos weerlig en donderslag. Die een vloei uit die ander voort. Sodoende word 'n ommekeer bewerkstellig. Die verontmensliking van die Nazibeleid, en die eeue van vervolging in Europa wat dit voorafgegaan het, word nou omgekeer deurdat Jode verwesters word. Daarteenoor word Moslems in die posisie geplaas wat Jode destyds beklee het.

In die volgende deel van die artikel word die eienskappe wat Sionisme kolonialisties maak, belig.

4.1 Die kolonialistiese eienskappe van Sionisme

Die eerste kolonialistiese eienskap van Sionisme is dat dit op mites steun wat soortgelyk is aan die oorbekende verhale wat ook elders ingespan is om kolonialistiese verowering van grond te regverdig. Wat hierdie nasionalisme kolonialisties maak, is die territorialisering van Sionisme in die keuse van Palestina as gebied vir die Jode (Pappé 2008:614). Om hierdie oorname van grond te rugsteun, word die geskiedenis oor die boeg van "n leë land" gegooi om die koloniale besetting te regverdig (Pappé 2008:619).

Die ontleding in hierdie artikel neem gemeenplasinge diskoerse (Essed 2002) ernstig op, omdat dit magsvorme vervaardig en in stand hou – ook dié van kolonialisme, soos gedurende die feitesending opgemerk en aangeteken is. In die Sionistiese verbeelding is die mite van die leë land tot gemeenplasinge waarheid verhef, naamlik dat die grondgebied waarop beslag gelê is, "n land sonder mense vir mense sonder grond" is (Home 2003:292). Hierdie mite word steeds in Israel aangehang en verkondig. Die mite vind sterk aanklank by die *terra nullius*-aanspraak in Australiese koloniale diskoerse en die Afrikaner-nasionalistiese geskiedskrywing wat voorhou dat die trekkers wat die Kaapkolonie in 1834 verlaat het, "n leë binneland" aangetref het. Die Sionistiese aanspraak maak staat op verhale wat in die Tenakh / Ou Testament opgeneem is, soos vroeër in hierdie artikel uiteengesit is (afdeling 2).

'n Ander weergawe van die diskoers is dat die oorspronklike inwoners van weinig belang is en dat hulle in die dinamiek van Sionistiese modernisering in die niet sal verdwyn (Pappé 2008:617; Mamdani 2004:224). 'n Derde variant is 'n openlike bevordering van grondoorname met nasionalisme as regverdiging: soos ander gebiede vir spesifieke nasies bestem is, só is Israel vir die Jode bestem.

Dat die Sionisme kolonialisties van aard is, word tweedens bevestig deur die Sionistiese projek se fokus op onteiening en die uitdrijving van die Palestyne. Aan die begin is die onteiening van stapel gestuur in noue samewerking met die Britte wat die gebied tussen 1920 en 1948 as koloniale mandaathouer regeer het. Soortgelyk aan stratifiserende koloniale praktyke elders – onder meer in Rwanda (die ander groot menseslagting van die 20ste eeu naas die Holocaust) – het Brittanje die natuurlike hulpbronne van die gebied aan die Joodse setlaars toevertrou en Joodse ekonomiese outonomie aangemoedig. Die Palestyne het nie dieselfde konsessies geniet nie (Pappé 2008:629). Die setlaars het grond van Palestyne gekoop en dan as Joodse eiendom genasionaliseer om te keer dat Palestyne weer die grond kon terugkoop (Penslar 2001:86). Reeds in die 1930's het Joodse leiers begin aanvoer dat die Palestyne verskuif moet word (Pappé 2004).

Nadat die VN-besluit vir die verdeling van die gebied in 1947 aanvaar is, en in voorbereiding vir Britse onttrekking in Mei 1948, het Joodse militêre magte met stelselmatige menseslagtings en uitdrijving van die Palestyne begin. Sowat 400 uit die 508 Palestynse nedersettings is vernietig (Pappé 2004, 2007; Said 1979). Ná die oorlog was slegs 22% van die grondgebied in Palestynse hande, in plaas van die 48% wat deur die VN-partisieplan toegeken is. Teen 1948 het 900 000 Palestyne naas 600 000 Jode in die mandaatgebied gewoon. In 78% van die mandaatgebied wat die Joodse magte in die 1948-oorlog verower het, het slegs 150 000 Palestyne oorgebly. Die Joodse staat het sy grensposte gesluit en die res van die Palestyne moes as vlugtelinge hul heenkome in kampe in die streek vind (Caplan 2010:111–9). Sedertdien duur Israel se stelselmatige beslaglegging op die oorblywende Palestynse grond voort.

Tydens die feitesending is Jerusalem, Hebron en landbougebiede in die Wesower besoek. Dit het geblyk dat Palestyne deur middel van allerlei metodes van hul grond en ander hulpbronne beroof word. Dit wissel van regstreekse geweld deur Israelse setlaars tot die lukrake sluiting van Palestynse winkels; van diskriminerende maatreëls ten opsigte van toegang tot water en grond tot arbitrêre inperking van Palestynse nedersettings en die vrye beweging van die inwoners. Selfs argeologiese opgrawings word onder die dekmantel van wetlikheid ingespan om grond te onteien. Palestynse lewensmoontlikhede word vernietig en indien die oorblywende Israelse Arabiere hulle tot werksgeleenthede in die buiteland wend, word hulle aan onregverdige maatreëls onderwerp wat hulle van hul burgerskap beroof. Daar is 'n bitter historiese ironie hieraan verbonde. Die Israelse Arabiere word van hul burgerskap en gepaardgaande regte beroof deur 'n groep mense wat hul optrede regverdig met verwysings na die historiese ontkenning van Jode se burgerskap en -regte.

Die derde belangrike eienskap van kolonialisme is die koloniale digotomieë in die diskoers van Oriëntalisme wat die Palestynse grondontteiening en die verontmensliking van Palestyne legitimeer. Said (1979:10) verwoord dit só: “[T]he Zionist view of Palestine has always considered all Palestinians without regard to class, creeds or locations, as bodies either to be removed or ignored (if possible).”

Uitbuiting het hand aan hand met die oorname van grond gegaan. Soos hier bo uitgewys, het Sioniste reeds in die 1930's die verskuiwing van die Palestyne voorgestel. Teen 2004 het Israelse setlaars 42% van die Wesoeer en 20% van die Gasastrook beheer, hoewel hulle slegs 0,5% van die inwoners van laasgenoemde strook verteenwoordig (Mamdani 2004:224). Die voortgesette oorname van Palestynse grond word in die hedendaagse diskoers geregverdig, onder andere met 'n uitspraak van 'n voormalige Israelse minister van buitelandse sake: “[D]ie Palestyne laat nooit 'n geleentheid verbygaan om 'n geleentheid te laat verbygaan nie” (Podeh 2015). Dié stelling sluit aan by soortgelyke verklarings wat lui dat Palestyne geen ontwikkeling toon nie, want hulle lewe en boer op dieselfde wyse en op dieselfde plekke as duisend jaar gelede.

'n Verwante maneuer is die rassifiserende en verdierlikende verwysings na die Palestyne se voortplantingsvermoë, naamlik dat daar steeds “te veel” Palestyne is weens hul “ongebreidelde voortplanting”. Dit loop hand aan hand met die voorstelling van die Palestyne as synde 'n vermenigvuldigende en ondifferentieerbare menigte. Hierdie soort opmerkings hou verband met tipiese koloniale stigmatisering.

Mamdani (2004:18) beskryf hierdie rassiestereotipering (vermom as kulturele waarneming) as die skepping van “slegte Moslems” wie se “history seems to have petrified into a lifeless custom of an antique people who inhabit antique lands”. Gegewe die bepalende raamwerk van Oriëntalisme toon hierdie stellings opvallende langdurigheid. Sionisme is aan die begin van die 20ste eeu geregverdig as sou dit verligting en vooruitgang vir die Palestyne bring (Pappé 2008:624). Met modernisering as beweerde oogmerk is die Palestyne as arbeiders “ontwikkel”. Modernisering en ontwikkeling is begrippe waarmee uitbuiting geregverdig word (Pappé 2008:617). Hierdie regverdiging hou verband met koloniale denke voortvloeiend uit die ideologie van Oriëntalisme. Dít is die grondslag waarop Sionisme Palestina in 'n “beskaafde”²⁴Europese entiteit sou omskep (Pappé 2008:616).

4.2 Oriëntalisme

Die regverdiging van koloniale berowing as sou dit “beskawing” as oogmerk hê, kan nie losgemaak word van die logika wat die stelling “die Palestyne laat nooit 'n geleentheid verbygaan om 'n geleentheid te laat verbygaan nie” onderlê nie. Die logika is dié van Sosiale Darwinisme wat 'n hiërargie van rasse (gegrond op meerdere of mindere bevoegdheid) skep. Bostaande stelling suggereer 'n inherente onvermoë by Palestyne om geleenthede te benut. In dié stelling word die Palestyne se vermoë tot strategiese denke, en uiteindelik tot denke self, bevraagteken. Dit is sinloos om voortdurend goeie geleenthede by jou te laat verbygaan. Slegs irrasionele mense sal dié soort sinnelose handeling herhaaldelik herhaal – dus is die Palestyne irrasioneel.

Rasionaliteit hang nou saam met die Westerse Cartesiaanse selfbeeld, wat Said (1995 [1978]) in die 1970's in sy baanbrekerswerk oor Oriëntalisme as tipering van die Midde-Ooste blootgelê het. Oriëntalisme hou verband met die struktuur van Westerse rasionaliteit waarmee 'n ongelyke hiërargie tussen 'n wit, menslike, redelike, ontwikkelde, verhewe Weste, en 'n gerassifiseerde submenslike, onredelike, onontwikkelde, minderwaardige Oosterse “Ander” tot stand gebring is. Op hierdie wyse is kolonialisme geregverdig. Dit is 'n rasionaliteit wat (soos Sionisme) daarop uit is “on constructing an ‘Other’ to be opposed, managed or pacified” (Said 1979:17). Oriëntalisme beskou die Ooste as minderwaardig en

onderontwikkeld en gaan van die standpunt uit dat dit volgens “verligte” Westerse idees herbou moet word (Said 1979:20).

Oriëntalisme spruit voort uit die Cartesiaanse idee van “Ek dink, daarom bestaan ek.” Dit hou die wit, Westerse heteromanlike subjek as vanselfsprekend rasioneel voor. Teenoor hierdie “Verligtingssubjek” staan die gerassifiseerde koloniale subjek, en laasgenoemde is vanselfsprekend irrasioneel. In Verligtingsdenke hang rasionaliteit nou saam met kultuur, die verstand en beskaafdheid, en dit word aan wit, Westerse heteromanlikheid gelykgestel. ’n Hiërargiese digotomie word geskep waarin die wit, Westerse “ek” (die eerste term) opgestel word teen die “Ander” (die tweede term). Die tweede term (die “Ander”) staan minderwaardig in verhouding tot die eerste een (die “ek”). Laclau en Mouffe (1985) verstaan die tweede term as die samestellende buitekant van die eerste een. (Dis soos die binnekant van ’n koppie wat nooit sonder sy samestellende buitekant, kan bestaan nie.) Die begrip *samestellendheid* beklemtoon dat hierdie begrippe konstruksies is wat voortdurend geskep word, en wat mekaar wederkerig oproep en versterk. Die samestellende buitekant (die koloniale subjek) is dus natuur, die liggaam, en onbeskaafdheid, wat nou saamhang met barbaarsheid, kinderlikheid, vroulikheid, primitiwiteit en onderontwikkeldheid. Só word die Palestyne as primitief, agterlik, kleinboers, onbeskaafd en ongeskik vir ’n moderne wêreld getipeer.

Mamdani (2004) voer aan dat hierdie verdeling ná die Koue Oorlog vernuwe is deur die verpolitisering van kultuur waarin Islam as van nature onveranderlik en agterlik voorgestel word. Dus is ’n botsing van beskawings tussen slegte Islam en die goeie Christelike Weste onafwendbaar. In ’n variasie op die argument word Moslems in twee groepe verdeel: goeie Moslems en slegte Moslems. Goeie Moslems glo in modernisering, terwyl slegte Moslems nie slegs ’n onvermoë toon om modern te wees nie, maar ook onherroeplik teen modernisering gekant is (Mamdani 2004:17–28). In hierdie verdeling resorteer Palestyne, met wat aanvaar word as hul ingebore “primitiwiteit” en “barbaarsheid” (soos vergestalt in die gebruik van selfmoordbomme) bepaald onder slegte Moslems. Alle geweld teen slegte Moslems is geregverdig. Dit sluit geweld in wat deur die internasionale reg verbied word, gegewe dat hierdie houding van superioriteit slegte Moslems as submense kategoriseer.

Hierdie diskoers word ten opsigte van die Palestyne aangewend om die onregmatigheid van die Israelse besetting van Palestynse grond en die oorname van Palestynse hulpbronne te verbloem. Só word die benardheid van die Palestyne, wat in haglike en beknoppe omstandighede moet probeer oorleef, nie beskou as die gevolg van die stelselmatige Israelse koloniale oorname van grond en ander lewensmiddele nie, maar as die gevolg van die sogenaamde inherente minderwaardigheid van die Palestyne. Dus word die vernietiging van lewensmoontlikhede vir die Palestyne deur ’n rasselens genormaliseer as ’n noodwendige uitkoms van hul inherente (Oosterse/rasse-) minderwaardigheid, eerder as die gevolg van 70 jaar se setlaarkolonialisme deur Israel.

Hierdie maneuver word verder versterk deur die Israelse rassisme met elemente van nuwe rassisme aan te vul. Só word gelykheid ten opsigte van geslag en seksualiteit as teken van moderniteit aangewend om die agterlikheid van die Oosterse “Anderes” voor te hou (Judge 2017). In reaksie teen die opkoms van Islamofobie in Wes-Europa en die VSA word die posisie van vroue, lesbiërs en gays as ’n barometer van beskawing voorgehou (Eisenstein 2004). In Israel is die opvallendste openbare vergestaltung hiervan die verpligte diensplig wat op Israels-Joodse vroue van toepassing is. Hulle neem aktief aan die Israelse

weermagoptredes deel, en is oral by waggpunte en ander militêre installasies te siene waar hulle saam met hul manlike eweknieë onderdrukkende wette toepas (soos onder andere om die beweging van Palestyne in te perk). Hierdie politieke-militêre bedrywigheid word in die openbare diskoers teenoor die sogenaamde huishoudelike kluistering van Palestyne vroue opgestel. Weer eens word dit verbloem dat die aanslag op die Palestyne hul maatskaplike lewe tot die familie reduceer en genderverhoudings in ongelyke vorme indwing.

4.3 Die rol van Nazisme in die opkoms van Sionisme

Om dieper in die ongelyke koloniale digotomie te delf wat die Israelse besetting ideologies onderlê, en die implikasies daarvan verder te ondersoek, handel die laaste deel van hierdie artikel oor 'n argument van Bareli (2001) – één van Pappé en Shafir se felste kritici.

Bareli se vernaamste teenargument is dat Pappé en Shafir se navorsing 'n besliste gebrek vertoon. Volgens Bareli behandel Pappé en Shafir géénsins die oorsake van Sionisme nie. Pappé slaan geen ag op die werklike omstandighede wat tot Sionisme se ontstaan gelei het nie, en Shafir verwys slegs skrams na Nazisme as 'n moontlike oorsaak van Sionisme. Bareli meen dat die post-Sioniste Europa uit die oog verloor. Dit is noodsaaklik om “Europa te onthou”, spesifiek die Europese oorsake van die Sioniste se soeke na 'n grondgebied om 'n staat vir Jode te vestig. Dit is inderdaad belangrik “om Europa te onthou”, maar om ander redes as wat Bareli aanvoer. Vir Bareli is dit van die uiterse belang om Sionisme se ontstaan met die politieke en ekonomiese druk waaronder Jode in Europa verkeer het, te verbind. Kortweg, dat Europa die Jode in 'n massale golf van emigrasie uitgestoot het ná 'n lang, pynlike en ingewikkelde proses wat sy aaklige laagtepunt in die middel van die 20ste eeu bereik het (Bareli 2001:106, 112). Bareli se beklemtoning van Europa se uitdrywing van Jode wat op die Holocaust uitloop, vind eggo's in die dominante nasionale narratief soos dit in die Yad Vashem-museum verwoord en uitgestal word.

Wat hier veral van belang hier is, is Bareli se beskrywing dat, vanuit “die Jode se eie perspektief”, dit bisar is om Jode as Europeërs te beskou wat hulself na die Ooste – Palestina – verplant het. Jode se groepsgebondenheid en kulturele uitsonderlikheid het hulle histories vreemdelinge in hul lande van verblyf in Europa gemaak (Bareli 2001:106). Hierdie vreemdheid het 'n Oosterse en Semitiese element behels. Volgens Bareli kon Jode nooit hul vreemdheid in verhouding tot Europa afskud nie – selfs na eeue se verblyf. Hy vervolg met wat aan die hand van die literatuur oor nasionalisme as 'n primordiale perspektief bestempel word (Smith 1998), want dit suggereer dat die Joodse medegebondenheid inherent, van nature en ewig is.

Bareli se betoog is duidelik 'n poging om die Europeesheid van die Joodse setlaarsidentiteit te onderbeklemtoon, omdat kolonialisme 'n Europese projek was en hy die kolonialisme van Sionisme wil ontken. Tog, in dieselfde asem wat Bareli die Europeesheid van die oorspronklike Joodse setlaars gering ag (om hulle sodoende van tipering as kolonialiste te vrywaar), is hy ook gretig om die Europese aspek van Joodse identiteit te behou. Nieteenstaande Europa se uitdrywing van Jode vanweë hul vreemdheid weens kulturele gebondenheid, of Joodsheid, is hulle deel van Europese migrasies:

[I]f we are drawing up a list of European migrations there is no doubt that we should include that of Jews to Palestine and especially the movement that began in the 1880s,

despite its distinctive characteristics. Unique traits are not valid grounds for denying membership in a common group. (Bareli 2001:106–7)

Hier probeer Bareli op twee stoele sit. Sy betoog behels enersyds ’n naïewe beskrywing van die Joodse setlaars as Europeërs wat verhuis het (Bareli 2001:106), maar andersyds dat Jode kultureel ook anders as Europeërs is. Penslar (2001) se aandrang dat Sionisme nie net ’n nasionalistiese beweging vóór 1967 was nie, maar spesifiek ’n Europese nasionalistiese beweging, stem hiermee ooreen. “The fact that nationalism was a European cultural invention does not delegitimize or subordinate extra-European nationalist movements” (Bareli 2001:96). Bareli verskaf ’n belangrike leidraad tot die rede vir sy oënskynlik weersprekende redenasië. Hy verklaar dat die Europeesgebore Joodse setlaars met ’n “ingrained sense of superiority and cultural arrogance and a romantic yearning for the ‘East’ as imagined in Europe” in Palestina aangeland het (Bareli 2001:105; vgl. Penslar 2001:86). Die onskuldigklinkende “romantic yearning for the ‘East’ as imagined in Europe” is wat Said “Orientalism” noem, wat voorheen en vandag steeds verreikende, vernietigende en onderdrukkende gevolge het. Volgens Sionistiese skrywers eis Israelse Jode dus vir hulself ’n identiteit as Europeërs op.

Dit bevestig die argument hier bo oor die ongelyke, wederkerige samestellende digotomie wat die kern van die Sionistiese projek vorm. As die Palestyne die samestellende buitekant in die teenstelling is, waarvan is hulle die samestellende buitekant wat terselfdertyd medevervaardig en as die onsigbare norm opgestel word? (Wat is die binnekant van die koppie as hierdie die buitekant is?) Die subjek wat so geskep word, is “die Israeli”. Die Israeli’s word tegelykertyd as die teenoorgestelde en die standaard in verhouding tot die Palestyne gekonstrueer. Vryheid en ander waardes is vir Europeërs en Jode as Europese prototipes vir die koloniserings van die Ooste gereserveer (Said 1979:20). Dus is alle geweld teen die minderwaardige, gerassifiseerde subjek – die slegte Moslem – geregverdig. Dit sluit die ontneming van grond en burgerskap as noodwendige gevolge in. Die Westerse (implisiet wit) subjek met volle regte is die Israelse subjek. Kortom, in die teenstelling Israeli-Palestyn word “die Israeli” nie net verwit en vermenslik nie, maar word “die Palestyn” verswart en verontmenslik. Die medemens word ’n “andersoortige” mens. Hierdie “verandersoortiging” (“othering”) wat so deel is van moderniteit, is op ’n afgryslieke spits gedryf deur die Nazi’s en hul ideologie. Ironies genoeg vervang die binêre logika van Sionisme die Nazisme se verdeling Aries-Joods nou met Joods-Palestyns. Sodoende word die Palestyn (of die Arabier) van menslikheid ontnem en vir uitdrywing, en uiteindelik uitdelging, opgestel.

Pas hierdie ontleding op Israel in die geheel toe en dit bevestig dat Israel se posisionering teenoor Palestina dieselfde is as dié van die Weste teenoor Afrika en die Ooste. Hierdie posisionering is geskep in die koloniale en Oriëntalistiese diskoerse met hul voortdurende postkoloniale, rassifiserende vergestaltungen. Indien die Palestyne – soos ander gerassifiseerde “Anderes” – onbeskaafd, primitief, agterlik, kleinboers en teenmodern is, is dit omdat die onsigbare norm die teenoorgestelde is. Só word die Israeli’s outomaties met die Weste en witwees, en dus met beskawing, vooruitgang, moderniteit en rasionaliteit, in verband gebring. In Israel/Palestina is daar “[o]n the one hand [...] superior Europeans, on the other, natives, inferior Orientals” (Said 1979:13). Hier vind dus ’n kardinale diskursiewe ommekeer van grootskaalse geskiedkundige omvang plaas – gegewe die feit dat Jode in die Europese en Amerikaanse rassieskemas van die 18de, 19de en vroeë 20ste eeu nié as “wit” gekwalifiseer het nie. Painter (2010:77) haal byvoorbeeld die 18de-eeuse rasteoretikus Blumenbach aan wat skryf: “[T]he Jewish race presents the most notorious and least deceptive (example of

maintaining their racial characteristics), which can easily be recognised by their eyes alone, which *breathe of the East*” (eie kursivering). Mamdani (2004:36) beskryf hierdie grondverskuiwing soos volg: “The shift of perspective after the Second World War that relocated Judaism and Jews to the heart of Western history and Western civilization signifies no less than a sea change in consciousness.” Die Sionisties-Israelse verwerking van die Joodse identiteit rehabiliteer laasgenoemde se eeue lange status as Europa se “Ander”, as die uitgeworpe en vervolgte en die vergestaltung van stigma. Israel herwin die beregtiging van Jode as volle burgers wat Napoleon begin het (Ehrlich 2003:66) en die begunstiging deur Europese magte waarmee die Britse imperiale Ryk gedurende die mandaattydperk begin het – moontlikhede van vermensliking wat die Nazi’s verwoes het. Jood word nou Westerlingen selfs Europeër én, in die postkoloniale simboliese orde, implisiet wit.

Tog is dit vir Bareli (2001) belangrik om Jode se Semitiese andersheid te beklemtoon. Hy erken dat die Sioniste die vreemdheid en nie-Europese aspek van die identiteit gekultiveer het (Bareli 2001:106). Israelse Semitiesheid, gedefinieer deur die ontwikkeling van Hebreeus as nasionale taal en die historiese en religieuse aanspraak op die grondgebied, is die etniese grondslag vir die politieke en ekonomiese beslaglegging op Palestina. Sonder ’n aparte etniese identiteit as Jode kan die Israeli’s geen reg op die gebied aanvoer nie. Die gelyktydige identifisering as Europeërs is egter van opperbelang, om al die redes wat hier bo uiteengesit is. Dit is noodsaaklik sodat die Israeli’s die regte van globale witwees kan opeis.

Hierdie identiteitskonstruksie weerklank in dié van Afrikaner-identiteit. Afrikaner-nasionaliste het gedurende die 20ste eeu uitgebreide identiteitswerk gedoen om Afrikaanse witwees etnies van die Britse setlaars se Engelse witwees te onderskei. Dit moes gebeur sonder om die voordele van witwees prys te gee, wat dus die verbanning van swart Afrikaanssprekendes uit die Afrikaner-identiteit vereis het (Van der Westhuizen 2017). Die parallel met Israelse identiteit is hoe Arabiere as mede-Semiete anders gemaak en gerassifiseer word ter wille van die Israels-Joodse aanspraak op witwees. Die balanseringstruuk tussen Semitiesheid en Europeesheid gaan gepaard met massiewe dividende vir Israeli’s, wat gou duidelik word as ’n mens vir ’n oomblik die teenoorgestelde sou oorweeg: Wat sou met die Israelse projek gebeur het as die Sioniste eerder met hul mede-Semiete, die Arabiere, geïdentifiseer het?

Dus pas Israel se koloniale projek teen die Palestyne by ’n groter globale nieu-imperiale projek in, soos aangevoer deur die VSA met steun van die Europese Unie (Johnson 2004). Die Israelse projek in die Midde-Ooste is ’n onderdeel van die globale projek, waarin Israel die rol van “’n solid outpost of American surrogate power” speel (Harvey 2005:21). In ’n onwaarskynlike, nieu-imperiale pakt word die Jode se eeue lange vervolging en verontmensliking handomkeer verander na insluiting, in ruil daarvoor dat dieselfde koloniale, binêre verdelings wat teen Jode ingespan is, nou teen ’n ander groep – Moslems/Arabiere – ingespan word.

Ter afsluiting: Sionisme kan as nasionalisties beskou word slegs in soverre die kultivering van ’n etniese identiteit, gegrond op religieuse en historiese uitvindings, in diens van ’n koloniale projek staan wat die staat Israel tot stand bring en handhaaf. Dit is van stapel gestuur deur onder meer die allerbelangrike herskepping en opheffing van Hebreeus as nasionale taal. Die Israelse identiteit eis dus sy etniese spesifiekheid as Semitiese, Midde-Oosterse identiteit op om eienaarskap van Palestina histories en religieus te bevestig en só die voortbestaan van die etnies-religieuse koloniale staat Israel te verskans. Die beklemtoning

van Joodsheid word in verhouding tot Europese skuld vir die Holocaust aangewend. Terselfdertyd eis die Israelse identiteit Europese witwees op ter ommekeer van die eeue lange rassifiserende stigmatisering van Jode, in ruil vir die bevordering van Westerse wit geopolitieke beheer oor die Midde-Ooste.

5. Ten slotte

Sioniste regverdig die opeising van die staat Israel met verwysing na Bybelse bronne en geskiedkundige gebeurtenisse. Ontrafeling van die Bybelse verwysings na die grondgebied wys dat die landbelofte nooit dieselfde grense omvat het nie. Insgelyks wys die bestudering van die besettingsgeskiedenis nie 'n naatlose bewoning van die grondgebied deur slegs Jode nie, maar 'n rits opeenvolgende besettings deur verskillende mededingende groepe. Dit word ook duidelik dat die Arabiere en Moslems aansienlik langer in beheer van die streek as die Jode was. Die idee van 'n Heilige Land (waarop Jode implisiet 'n sogenaamde heilige reg het) is boonop 'n Christelike benaming met geen Bybelse of historiese wortels nie.

Hierdie konstruksies is nie toevallig nie, maar het ten doel om 'n identiteit te regverdig wat die kontingente produk van huidige omstandighede is. Die Sionistiese voorstelling van die land Israel as sou dit 'n land wees waarvan die Joodse eienaarskap tot die Bybelse tye terugstrek met 'n gepaardgaande nasionale identiteit wat in die newels van die oergeskiedenis ontstaan het, is gefabriseer. In werklikheid het 'n mens hier met 'n groep te make wat 'n nuwe nasionale identiteit geskep het deels gebaseer op hul besetting van 'n grondgebied – 'n besetting wat hulle sedertdien stelselmatig uitgebrei het. Dit is 'n wederkerige proses. Soos beslag gelê word op meer grond, word die identiteit bevestig en andersom, want die besetting word deur die formulering van hierdie nuwe, moderne nasionale identiteit moontlik gemaak.

Hierdie grondbesetting is nie suiwer nasionalisties nie. Die spesifieke geskiedkundige omstandighede is dié van die afgelope twee millennia se antisemitisme en 500 jaar se kolonialisme wat in die 20ste-eeuse massamoord op Jode op die spits gedryf is. Dit is albei Europese verskynsels wat van belang is vir die vorm wat hierdie nuwe moderne identiteit, “die Israeli”, aangeneem het. Hierdie identiteit besit kenmerkende elemente van kolonialisme. Eerstens is daar die poging tot die uitwissing van die werklikheid van Palestina as 'n grondgebied waarin 'n mengelmoes verskillende mense – insluitend Arabiere, Christene en Jode – deur die millennia gewoon het. Hierdie werklikheid word, met behulp van die Bybel, deur die idee vervang dat die grondgebied die godgegewe, beloofde tuiste van Jode is, en daarom “Israel” gedoop. Hierdie idee steun op die koloniale uitvindsel van die leë land wat Sioniste kwansuis daar aangetref het – 'n idee wat ook elders gebruik is en steeds gebruik word om setlaarbesettings te regverdig.

Tweedens is daar die Oriëntalistiese, rassifiserende idee van Palestyne se ingebore minderwaardigheid (geregverdig in 'n hiërargiese teenstelling) wat tipies is van kolonialisme. Nie net skets dit die Palestyne as mindere mense nie, maar dit skets die Israeli's as meerdere mense. In 'n historiese ironie het die koloniale dimensie van Sionisme 'n “verwitting” van Jode tot gevolg en word hulle uiteindelik op dieselfde vlak as Europese wittes geplaas.

Die aandrang op 'n Bybelse regverdiging van die Sionistiese besetting van Palestina en die gevolglike skepping van Israel is daarop gemik om die gewelddadige setlaarsprojek die

karakter van godgegewenheid en natuurlikheid te gee. Dit suggereer dat Israel die Joodse en ook Christelike god se seën dra. Daarmee word nie net die Palestyne se stryd om oorlewing in die gebied gedelegitimeer nie, maar ook hul blote teenwoordigheid. Die Bybelse narratief verdoesel die werklike historiese feite en die werklike huidige ontberings wat die Israelse metodes van verowering, onderdrukking en uitdelging teen Palestyne ontketen het. Benewens die opvallende geweld van grondroef steun die Israeli's veral swaar op koloniale en Oriëntalistiese stereotipering om hul uitdrywing en vernietiging van Palestyne te regverdig. Die ongeregtigheid verdwyn uit die oog as 'n nagevolg van die verontmensliking van die Palestyne as gerassifiseerde mense wat nie vir grond en burgerskap kwalifiseer nie, en teen wie alle vorme van geweld aanvaarbaar is.

Bibliografie

- Albertz, R. 2003. *Israel in exile: The history and literature of the sixth century B.C.E.* Atlanta: Society of Biblical Literature.
- Armstrong, K. 2000. *Islam: A short history.* Londen: Weidenfeld & Nicolson.
- Barako, T.J. 2013. Philistines and Egyptians in southern coastal Canaan during the early Iron Age. In Killebrew en Lehmann (reds.) 2013.
- Bareli, A. 2001. Forgetting Europe: Perspectives on the debate about Zionism and colonialism. *Journal of Israeli History*, 20(2–3):99–120.
- Beaulieu, P.-A. 2007. World hegemony, 900–300 BCE. In Snell (red.) 2007.
- Bokhari, R., M. Seddon en C. Phillips. 2012. *An illustrated history of Islam.* Leicestershire: Southwater.
- Brewer, D.J. en E. Teeter. 2001. *Egypt and the Egyptians.* Cambridge, New York, Oakleigh, Madrid, Kaapstad: Cambridge University Press.
- Bunton, M. 2013. *The Palestinian-Israeli conflict: A very short introduction.* Oxford, New York: Oxford University Press.
- Caplan, N. 2010. *The Israel–Palestine conflict: Contested histories.* Chichester: Wiley-Blackwell.
- Cline, E.H. en M.W. Graham. 2011. *Ancient empires: From Mesopotamia to the rise of Islam.* Cambridge, New York, Melbourne, Madrid, Kaapstad, Singapoer, São Paulo, Tokyo, Mexico City: Cambridge University Press.
- Crawford-Browne, T. 2012. *Eye on the diamonds.* Johannesburg: Penguin.
- Deist, F.E. (red.). 1982. *Die Bybel leef.* Pretoria: J.L. van Schaik.

- Dever, W.G. 2003. *Who were the early Israelites and where did they come from?* Grand Rapids: Eerdmans.
- Dowty, A. 2012. *Israel/Palestine*. Cambridge, Malden: Polity.
- Eisenstein, Z. 2004. *Against empire: Feminism, racism and the West*. Londen, New York: Zed Books.
- Eliav, Y.Z. 2006. Jews and Judaism 70–429 CE. In Potter (red.) 2006.
- Essed, P. 2002. Everyday racism. In Goldberg en Solomos (red.) 2002.
- Finkelstein, I. 2007a. Patriarchs, exodus, conquest: Fact or fiction? In Schmidt (red.) 2007.
- . 2007b. The two kingdoms: Israel and Judah. In Schmidt (red.) 2007.
- . 2013. *The forgotten kingdom: The archaeology and history of northern Israel*. Atlanta: Society of Biblical Literature.
- Finkelstein, I. en N.A. Silberman 2001. *The Bible unearthed: Archaeology's new vision of ancient Israel and the origin of its sacred texts*. New York: The Free Press.
- Geering, L. 2001. *Who owns the Holy Land?* Wellington: St Andrew's Trust.
- Genz, H. 2013. "No land could stand before their arms, from Hatti ... on ..."? New light on the end of the Hittite empire and the Early Iron Age in central Anatolia. In Killebrew en Lehmann (reds.) 2013.
- Golan, A. 2001. European imperialism and the development of modern Palestine: Was Zionism a form of colonialism? *Space & Polity*, 5(2):127–43.
- Goldberg, D.T. en J. Solomos (reds.). 2002. *A companion to racial and ethnic studies*. Cambridge: Blackwell.
- Grabbe, L.L. 1994. *Judaism from Cyrus to Hadrian*. Londen: SCM.
- . 2007. *Ancient Israel: What do we know and how do we know it?* Londen, New York: T&T Clark.
- Harvey, D. 2005. *The new imperialism*. Oxford: Oxford University Press.
- Healy, M. en A. McBride. 1991. *The ancient Assyrians*. Londen: Osprey Publishing.
- Hjelm, I. 2013. Tribes, genealogies and the composition of the Hebrew Bible. In Pfoh en Whitelam (reds.) 2013.
- Home, R. 2003. An "irreversible conquest"? Colonial and postcolonial land law in Israel/Palestine. *Social & Legal Studies*, 12(3):292–310.

- Johnson, C. 2004. *The sorrows of empire. Militarism, secrecy and the end of the republic*. Londen: Verso.
- Judge, M. 2017. *Blackwashing homophobia: Violence and the politics of sexuality, gender and race*. Oxon: Routledge.
- Killebrew, A.E. en G. Lehmann (reds.). 2013. *The Philistines and other "Sea Peoples" in text and archaeology*. Atlanta: Society of Biblical Literature.
- Knauf, E.A. 2000. Der Umfang des verheissenen Landes nach dem Ersten Testament. *Bibel und Kirche*, 55(3):152–5.
- Kuitert, H.M. 1997. *Aan God doen: Een vingerwijzing*. Baarn: Ten Have.
- Küng, H. 1995. *Judaism*. Londen: SCM.
- . 2009. *Islam: Past, present and future*. Oxford: Oneworld Publications.
- Laclau, E. en C. Mouffe. 1985. *Hegemony and socialist strategy. Towards a radical democratic politics*. Londen, New York: Verso.
- Mamdani, M. 2004. *Good Muslim, bad Muslim: America, the Cold War and the roots of terror*. Johannesburg: Jacana.
- Mazar, A. 2007. The patriarchs, exodus, and conquest narratives in the light of archaeology. In Schmidt (red.) 2007.
- Montefiore, S.G. 2012. *Jerusalem: The biography*. Londen: Weidenfeld & Nicolson.
- Moore, M.B. en B.E. Kelle. 2011. *Biblical history and Israel's past: The changing study of the Bible and history*. Grand Rapids, Cambridge: Eerdmans.
- Nimni, E. (red.). 2003. *The challenge of post-Zionism: Alternatives to Israeli fundamentalist politics*. Londen, New York: Zed Books.
- Noll, K.L. 2013. *Canaan and Israel in antiquity: A textbook on history and religion*. Londen, New Delhi, New York, Sydney: Bloomsbury.
- Olivier, J.P.J. 1982. Israel en Juda onder vreemde heerskappy (745–586 v.C.). In Deist (red.) 1982.
- . 1983. *Akko: Spieëlbeeld van beskawings*. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.
- Painter, N.I. 2010. *The history of white people*. New York: Norton.
- Pappé, I. 2003. Humanizing the text: Israeli "New History" and the trajectory of the 1948 historiography. *Radical History Review*, 86:102–22.
- . 2004. The return to the Kingdom of David. *New Statesman*, 12 Julie, ble. 21–2.

- . 2006. *A history of modern Palestine*. Cambridge, New York, Melbourne, Madrid, Kaapstad, Singapoer, São Paulo, Delhi: Cambridge University Press.
- . 2007. *The ethnic cleansing of Palestine*. Oxford, New York: Oneworld Publications.
- . 2008. Zionism as colonialism: A comparative view of diluted colonialism in Asia and Africa. *South Atlantic Quarterly*, 107(4):611–33.
- Parker, V. 2014. *A history of Greece: 1300 to 30 BC*. Chichester: Wiley Blackwell.
- Penslar, D.J. 2001. Zionism, colonialism and postcolonialism. *Journal of Israeli History*, 20(2/3):84–98.
- Perdue, L.G., W. Carter en C.A. Baker. 2015. *Israel and empire: A postcolonial history of Israel and Early Judaism*. Londen, New Delhi, New York, Sydney: Bloomsbury T&T Clark.
- Pfloh, E. en K.W. Whitelam (reds.). 2013. *The politics of Israel's past: The Bible, archaeology and nation-building*. Sheffield: Phoenix.
- Podeh, E. 2015. *Chances for peace: Missed opportunities in the Arab-Israeli conflict*. Austin: University of Texas Press.
- Potter, D.S. (red.). 2006. *A companion to the Roman Empire*. Malden, Oxford, Carlton: Blackwell Publishing.
- Said, E. 1979. Zionism from the standpoint of its victims. *Social Text*, 1:7–58.
- . 1995 [1978]. *Orientalism. Western conceptions of the Orient*. Londen: Penguin.
- Saperstein, M. 1989. *Moments of crisis in Jewish-Christian relations*. Londen: SCM.
- Scarre, C. 2012. *Chronicle of the Roman emperors: The reign-by-reign record of the rulers of imperial Rome*. Londen: Thames en Hudson.
- Schmidt, B.B. (red.). 2007. *The quest for the historical Israel: Debating archaeology and the history of early Israel (Israel Finkelstein and Amihai Mazar)*. Atlanta: Society of Biblical Literature.
- Schniedewind, W.M. 2004. *How the Bible became a book: The textualization of ancient Israel*. Cambridge, New York, Melbourne, Madrid, Kaapstad: Cambridge University Press.
- Shafir, G. 1989. *Land, labor and the origins of the Israeli-Palestinian conflict 1882–1914*. Berkeley, Los Angeles, Londen: University of California Press.
- Shaw, I. (red.). 2002. *The Oxford history of ancient Egypt*. Oxford, New York: Oxford University Press.
- Sherwood, H. 2012. Hope fades for two-state solution. *Mail & Guardian*, 26 Oktober – 1 November, bl. 14.

Smith, A.D. 1998. *Nationalism and modernism. A critical survey of recent theories of nations and nationalism*. Londen, New York: Routledge.

Smith, M.S. 2004. *The memoirs of God: History, memory, and the experience of the divine in ancient Israel*. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Snell, D.C. (red.). 2007. *A companion to the ancient Near East*. Malden, Oxford, Carlton: Blackwell Publishing.

Taylor, J. 2002. The Third Intermediate Period (1069–664 BC). In Shaw (red.) 2002.

Times Books. 2006. *The Times history of Europe*. Londen: HarperCollins.

Trump, D. 2017. Presidensiële verklaring rakende Jerusalem as hoofstad van Israel. <https://za.usembassy.gov/presidential-proclamation-recognizing-jerusalem-capital-state-israel-relocating-united-states-embassy-israel-jerusalem> (2 Februarie 2018 geraadpleeg).

Van Bekkum, W.J., J. Nawas, S. Schoon en A. Wessels. 1996. *Jerusalem in Jodendom, Christendom en Islam*. Baarn: Ten Have.

Van de Mieroop, M. 2007. *A history of the ancient Near East ca. 3000–323 BC*. Malden, Oxford, Carlton: Blackwell Publishing.

Van der Westhuizen, C. 2017. *Sitting pretty. White Afrikaans women in postapartheid South Africa*. Scottsville: UKZN Press.

Van Seters, J. 1975. *Abraham in history and tradition*. New Haven: Yale University Press.

—. 1999. *The Pentateuch: A social-science commentary*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Waters, M. 2014. *Ancient Persia: A concise history of the Achaemenid Empire, 550–330 BCE*. New York: Cambridge University Press.

Wessels, A. 1996. De betekenis van Jeruzalem voor de moslims. In Van Bekkum e.a. (reds.) 1996.

White, B. 2009. *Israeli apartheid: A beginner's guide*. Londen: Pluto.

Eindnotas

¹ Dowty (2012:79) vind die benaming “mandaat” neerhalend en skryf soos volg daaroor: “The entire concept of a ‘mandate’ was an insult and a travesty demonstrating the extent of Western arrogance; it was simply a mask for imperialism and colonialism.”

² Die twee kaarte is deur die kunstenaar Izak Geldenhuys geteken en van Afrikaanse name voorsien.

³ Na regte beset die Israeli's ná die 1967-oorlog die totale mandaatgebied. In die woorde van Bunton (2013:60): "Israel won a spectacular military victory that placed it in control of all the land of mandate Palestine, including the West Bank, the Gaza Strip, and East Jerusalem."

⁴ White (2009) gee 'n bondige bespreking van die ooreenkomste tussen die destydse apartheidstaat van Suid-Afrika (1948–94) en die staat Israel. Hieronder tel die vele wette wat die Palestyne tweederangse burgers in hul eie land maak, hul bewegings inperk en hul bestaan ondermyn.

⁵ Donald Trump se verklaring is hier te vind: <https://za.usembassy.gov/presidential-proclamation-recognizing-jerusalem-capital-state-israel-relocating-united-states-embassy-israel-jerusalem>.

⁶ Halper se *Obstacles to peace: A reframing of the Palestinian-Israeli conflict* (2004) waarin die aanhaling voorkom, was nie verkrygbaar nie. Halper word noodgedwonge sekondêr aangehaal.

⁷ Abram se naam word na die verbondsluiting in Genesis 17 verander na Abraham.

⁸ Die Merneptah-stele beskryf farao Merneptah se militêre veldtog in Palestina.

⁹ Grabbe (2007:88) som die stand van navorsing rondom die uittoegverhaal soos volg op: "Opinions about the historicity of the exodus are divided. Despite the efforts of some fundamentalist arguments, there is no way to salvage the biblical text as a description of a historical event. A large population of Israelites, living in their own section of the country, did not march out of an Egypt devastated by various plagues and despoiled of its wealth and spend 40 years in the wilderness before conquering the Canaanites."

¹⁰ Die Josefverhaal (Gen. 37–50) vorm die brug tussen die aartsvaderverhale en die uittoegverhaal en is eweneens 'n kreatiewe skepping van 'n latere skrywer. Daar was nooit 'n "onderkoning" met die naam Josef in Egipte nie en mense soek tevergeefs in Egiptiese bronne na sodanige persoon (Finkelstein en Silberman 2001:57, Geering 2001:11).

¹¹ Die datums wat hier voorsien word, is gebaseer op die gegewens in *The Oxford history of ancient Egypt* onder redaksie van Ian Shaw (2002).

¹² Amenhotep IV is ook bekend as farao Akenaten wat die aanbidding van Aten (die Songod, meer korrek die Sonskyf) sentraal gestel en 'n soort monoteïsme in Egipte ingevoer het.

¹³ Daar bestaan tans verskillende hipoteses oor hoe dit gekom het dat daar 'n groep bekend as "Israel" hulle op die sentrale berglandskap van Palestina gevestig het. Daar is (1) die veroweringhipotese, wat aansluit by hoe die Tenakh/ Ou Testament die verhaal vertel; (2) die infiltrasiehipotese, wat voorhou dat die inname nie so gewelddadig was nie; en (3) die hipotese van 'n kleinboerse opstand. Hiervolgens sou van die kleinboere van Kanaän in opstand gekom het teen die oorheersing en uitbuiting van die heersers van die Kanaänitiese stadstate (Dever 2003:41–74, Moore en Kelle 2011:125–6).

¹⁴ Die Omriede-dinastie wat gedurende die 9de eeu v.C. oor die Noordryk regeer het se welvarendheid en militêre vermoë blyk onder andere uit die feit dat hulle in 'n koalisie teen die Assiriërs geveg het.

¹⁵ Grabbe (2007:222) verwoord hierdie standpunt soos volg: “The first kingdom for which we have solid evidence is the northern kingdom, the state founded by Omri [884–73 BC]. This fits what we would expect from the *longue durée*; if there was an earlier state, we have no direct information on it except perhaps some memory in the biblical text. This does not mean that nothing existed before Omri in either the north or the south, but what was there was probably not a state as such. In any case, Israel is soon caught between the great empires to the north and south. Hardly has Omri passed from the scene before the Assyrians are threatening.”

¹⁶ Navorsers verkies om ná die Babiloniese ballingskap nie meer van Judeërs te praat nie, maar liefs van Jode. Die benaming “Jood” hang saam met die naam “Jehoed” wat die Perse aan hierdie provinsie gegee het.

¹⁷ Van de Mierop (2007:300) maak ’n veelseggende opmerking oor die ondergang van die Persiese Ryk en die modern geskiedenis: “Until recently, scholars subscribed to the classical image of the Near East as tired and decadent by the fourth century, and that Alexander and his successors brought new life to it. This image of revitalization provided an example of, and justification for, nineteenth-century European colonial enterprise in regions that had known a glorious past but had not modernized. [...] Today, closer examination of the documentary evidence from the Near East has started to change this opinion.” Die ou Nabye Ooste en die moderne Midde-Ooste was en is allermins agterlike gebiede waar Westerse state moet ingryp om dit te moderniseer.

¹⁸ Die Romeinse Ryk het natuurlik ook weswaarts in die rigting van Gallië (Frankryk) en die Iberiese Skiereiland (Spanje en Portugal) uitgebrei.

¹⁹ Die Jode het, danksy die Perse, gedurende hierdie tyd vir drie jaar (614–7) seggenskap oor Jerusalem gehad (Montefiore 2012:194–7).

²⁰ Transjordanië het in Maart 1948 Jordanië geword. Dit het die Wesoeer wat vir die Palestyne geormerk was, geannekseer en deel van Jordanië gemaak; so het Jordanië toe uit twee dele bestaan: (1) die deel ten weste van die Jordaanrivier (die sogenaamde Wesoeer) en (2) die deel ten ooste van die Jordaanrivier (die sogenaamde Oosoeer) (Bunton 2013: 58–60).

²¹ Die verhaal hoe die Jode die Arabiese inwoners gedurende die 1948–49 oorlog uit hul woonhuise en dorpie verdryf en dit oorgeneem het, kan gelees word in die boeke van Pappé (2006, 2007), Caplan (2010) en Dowty (2012).

²² Die kunstenaar Izak Geldenhuys het die tekenwerk behartig en die diagram van Afrikaanse name voorsien.

²³ Die feitesending is gereël deur die Open Shuhada Street-organisasie met die steun van die Heinrich Böll Stiftung se kantore in Kaapstad, Tel Aviv en Ramallah. Die afgevaardigdes het ingesluit Christi van der Westhuizen, Barney Pityana, Vusi Pikoli, Firoz Cachalia, Adila Hassim, Mbali Ntuli, Vuyiseka Dubula, Brad Brockman, Keren Ben-Zeev, Bruce Baigrie en Adayah Lilenstein.

²⁴ In poststrukturele ontleding word aanhalingstekens gebruik om woorde en begrippe te problematiseer. Dit is ook hoe dit dan in hierdie artikel gebruik word.